

1988075279 01



**DIE VOORSPELLING VAN GRONDGEÏNDUSEERDE
PLANTWATERSTREMMING VIR GESELEKTEERDE
GROND-PLANT-ATMOSFEERSISTEME**


deur

LEON DANIEL VAN RENSBURG

Verhandeling voorgelê om te voldoen aan die vereistes
vir die graad Magister Scientiae Agriculturae in die
Fakulteit Landbou, Departement Grondkunde, aan die
Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Junie 1988

Studieleier: Professor A.T.P. BENNIE



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

Graag dra ek die werkstuk op aan Oom Chris en Tannie Trix la Grange as blyk van waardering vir die ondersteuning en lewende belangstelling in my loopbaan.

"Iemand saai die saad op die land en gaan slaap en staan op, dag na dag, en die saad ontkiem en groei - hóé weet hy self nie. Vanself bring die aarde die graan voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die vol koringaar."

MRK 4:26-28

HERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

100

100
100
100

100

100

100

100

100

100

100

100

100

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
 29 NOV 1988
 T 631.4320724 REN
 BIBLIOTEK

100

100

100

100

100

100

100

DANKBETUIGING

My opregte dank en waardering aan:

Prof. A.T.P. Bennie (Departement Grondkunde, U.O.V.S.) wat as studieleier baie waardevolle leiding, kommentaar en opbouende kritiek verskaf het.

Die Waternavorsingskommisie vir die toestemming om amptelike werk as studiemateriaal te kan gebruik.

Prof. R. du T. Burger vir die stimulerende denke en insiggewende gesprekke.

Dr. C.C. du Preez vir sy belangstelling en kommentaar.

Rianto van Antwerpen as vriend en kollega vir die drie jaar wat ons saam veldwerk gedoen het.

Mev. M. Coetzee wat behulpsaam was met die insameling en verwerking van data.

Dirk Laubcher vir sy ondersteuning en hulp.

Mnr. A. Maleho vir toegewyde hulp met veldwerk.

Die besproeiingsboere, veral Mnr. E. van der Walt, wat as medewerkers opgetree het. 'n Volledige lys van name verskyn in bylae 2.1.1 tot 2.58.1.

My vrou, Karin, vir die tikwerk, afronding, ondersteuning en lewende belangstelling in my werk.

OPSOMMING

Die watervoorsieningsmodel van die grond-wortelsisteem aan die bogrondse groei wat deur Botha, Bennie & Burger (1983) voorgestel is, is gebruik om die begin en verloop van grond- of voorsieningsgeïnduseerde plantwaterstremming te monitor.

Die primêre doel van die studie is om die insette wat in die model benodig word, te meet. Een van die belangrike insette was die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt (F_{sr}). Dit is 'n eweredigheidsfaktor wat evapotranspirasie in verband bring met bewortelingsdigtheid van 'n gewas, relatiewe waterinhoud van 'n grond en die potensiaalgradiënt oor die wortelkontakzone.

Vir dié doel is velddata afkomstig van besproeiingspersele te Sandvet, Vaalharts en Ramah, versamel. Om hierdie data sinvol te verwerk vir die berekening van F_{sr} was dit nodig om modelle te evalueer wat grondwaterpotensiaal akkuraat vanaf volumetriese waterinhoud kan bereken. In die proses is 'n algemene waterretensievergelyking vanuit beskikbare vergelykings in die literatuur ontwikkel. Die model gebruik slik- plus kleinhoud ($<0,05\text{mm}$) as inset, wat maklik op 'n roetine basis bepaal kan word, om die matrikspotensiaal by 'n gegewe volumetriese waterinhoud, te voorspel.

Ter ondersteuning van die model is regressieverwantskappe vir die onderste en boonste grens (in situ) van plantopneembare water, verkry. Die onderste grens word benodig om die relatiewe waterinhoud te bereken terwyl die boonste grens noodsaaklik is vir die berekening van die profielbeskikbare waterkapasiteit. Albei die regressie-

verwantskappe kan met vrug in die genoemde besproeiingsgebiede aangewend word.

Met die hulp van bogenoemde insette was dit moontlik om die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt oor 'n bepaalde periode, te bereken. Om hierdie waardes in die praktyk te gebruik moes 'n kriterium saamgestel word waarvolgens 'n stremingsdag geïdentifiseer kon word. Dit was moontlik om 'n gemiddelde grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt, ET_{strem} : ET_{nat} verhouding en kritiese blaaxileempotensiaal vir die onderskeie lokaliteite te bepaal. Met hierdie data tot beskikking is die stremingsindeks van Botha et al. (1983) aangepas vir veldtoestande. 'n Betekenisvolle verwantskap tussen slik- plus kleipersentasie en F_{sr} is vasgestel.

Met behulp van die gewysigde stremingsindeks, water-onttrekkingsverhouding en al die voorafontwikkelde modelle is daarin geslaag om die onderste grens van plantopneembare water te voorspel vir grondprofiële wat nie ernstige fisiese beperkings soos grondverdigting het nie.

INHOUDSOPGAVE

OPSOMMING/ABSTRACT

DANKBETUIGING

1.	INLEIDING.....	4
1.1	Algemeen.....	4
1.2	Doel van die ondersoek.....	6
2.	ONDERSOEK- EN METINGSPROSEDURES.....	7
2.1	Proeflokaliteite en gewasse.....	7
2.2	Waterinhoudmetings.....	8
2.2.1	Kalibrasie van neutronmeter.....	8
2.2.2	Waterweershouding op stremmingspersele.	9
2.2.3	Natverwysingspersele.....	12
2.2.4	<u>In situ</u> meting van veldwaterkapasiteit	13
2.3	Grondwaterveranderlikes.....	13
2.3.1	Waterretensiekurwe.....	13
2.3.2	Hidrouliese geleivermoë	14
2.4	Ander metings.....	14
2.4.1	Deeltjiegrootteverspreiding.....	14
2.4.2	Deeltjiedigtheid.....	15
2.4.3	Bewortelingsdigtheid.....	16
2.4.4	Brutodigtheid.....	16
2.4.5	Blaarxileempotensiaal.....	17
2.4.6	Klas A-panverdamping.....	17
3.	VOORSPELLING VAN RETENSIEVERWANTSKAPPE.....	18
3.1	Inleiding.....	18
3.2	Voorspelling gegrond op lineêre en kwadratiese regressiemodelle.....	19
3.2.1	Algemeen.....	19
3.2.2	Berekening van die onderste grens van plantopneembare water.....	20

3.2.3	Berekening van die boonste grens van plantopneembare water.....	23
3.3	Voorspellings gegrond op magsfunksiepassings..	24
3.3.1	Algemeen.....	24
3.3.2	Saxton, Rawls, Romberger & Paperdick model.....	25
3.3.3	Ghosh model.....	26
3.3.4	Campbell model.....	26
3.3.5	Gewysigde Campbell model.....	28
3.3.6	Vergelyking van die verskillende modelle.....	30
3.4	Voorspelling met 'n fisies-empiriese model....	31
3.4.1	Arya & Paris model.....	32
3.4.2	Vergelyking met gewysigde Campbell model.....	34
3.5	Samevatting.....	36
4.	GROND-WORTELKONDUKTANSIEKOËFFISIËNT VIR VERSKILLENDE GROND-PLANTKOMBINASIES.....	38
4.1	Inleiding.....	38
4.2	Prosedure vir die berekening van die grond- wortelkonduktansiekoëffisiënt.....	43
4.3	Resultate en bespreking.....	46
4.3.1	Grond-wortelkonduktansiekoëffisiënte vir die verskillende gewasse.....	46
4.3.2	Kritiese blaaxileempotensiaal.....	53
4.4	Samevatting.....	54
5.	FAKTORE WAT GROND-WORTELKONDUKTANSIEKOËFFISIËNT BEÏNVLOED	57
5.1	Inleiding.....	57
5.2	Verwantskap tussen grond-wortelkonduktansie- koëffisiënt en onversadigde hidrouliese geleivermoë waarby stremming ingetree het.....	58
5.3	Verwantskap tussen deeltjiegroottefraksies en grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt.....	60

5.4	Samevatting.....	61
6.	MODEL WAARMEE DIE PROFIELBESKIKBARE WATERKAPASITEIT VAN 'n GROND-GEWASKOMBINASIE VOORSPEL KAN WORD.....	63
6.1	Inleiding.....	63
6.2	Gewysigde stremmingsindeks.....	65
6.3	Beraming van die profielbeskikbare waterkapasi- teit.....	69
6.3.1	Prosedure waarvolgens die profiel- beskikbare waterkapasiteit bereken kan word.....	69
6.3.2	Vergelyking van die voorspelde profielbeskikbare waterkapasiteit met die gemete waardes.....	71
6.3.3	Beraming van die profielbeskikbare waterkapasiteit met die Boedt & Laker (1985) modelle.....	75
6.4	Faktore wat die profielbeskikbare water- kapasiteit van gronde beïnvloed.....	76
6.5	Samevatting.....	77
7.	SAMEVATTENDE BESPREKING.....	79
	LITERATUURVERWYSINGS.....	83
	BYLAE	

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 ALGEMEEN

Lineêre verwantskappe tussen waterverbruik en saadopbrengs van verskeie gewastipes is al in die verlede onder ander deur Streutker (1980, 1983), gepubliseer. Vanaf hierdie verwantskappe is dit duidelik dat onvoldoende watervoorsiening, deur die groeiseisoen van gewasse, saadopbrengs en dus die produksie van voedsel kan beperk. Vir hoë oesopbrengste, veral in die ariede en semi-ariëde gebiede is dit noodsaaklik om die natuurlike reënval met addisionele water in die vorm van besproeiing aan te vul. Besproeiing maak van landbou een van die hoof gebruikers van water. Besproeiingswater is 'n skaars hulpbron, wat alleenlik effektief bestuur kan word indien aspekte rondom waterbeweging in die grond-plant-atmosfeerkontinuum, verstaan word.

Probleme met kontinue watervoorsiening aan plante is afhanklik van weerstoestande en die hoeveelheid reserve water wat in die grond beskikbaar is vir plantopname. Die klimaatstoestande bepaal die atmosferiese verdampingsaanvraag asook die evapotranspirasietempo en hoe vinnig die reserve plantopneembare water opgebruik sal word. Plantwaterstremming kan geïnduseer word deur eerstens onvoldoende watervoorsiening in die wortelsone of tweedens te hoë atmosferiese aanvraag. Volgens Ritchie (1981) is daar min bewyse dat laasgenoemde toestande naamlik atmosferies geïnduseerde plantwaterstremming in die veld voorkom. Dit beteken dus dat waterstremming sou intree

indien die vlak van die grondwaterreservoir sodanig verlaag, dat die grondvoorsiening van water onvoldoende is. Gronde beskik dus nie net oor die vermoë om water te kan berg nie, maar dit kan ook die gestoorde water beskikbaar stel aan plante binne seker vlakke van grondwaterbeskikbaarheid.

Die dinamiese geaardheid van die grense van plantopneembare water is 'n probleem wat al deur verskeie navorsers aangespreek is. Verskeie modelle is gepubliseer om die begin van plantwaterstremming in terme van grondwaterstatus en atmosferiese aanvraag te beskryf (Makkink & Van Heemst, 1956; Denmead & Shaw, 1962; Mallett & De Jager, 1971; Rutherford & De Jager, 1975; Burgers, 1975). Die groot verskeidenheid modelle in die literatuur illustreer die ingewikkeldheid van die probleem.

Botha, Bennie & Burger (1983) het in 'n vorige ondersoek 'n wiskundige model ontwikkel waarmee die potensiële watervoorsieningstempo van die grond-wortelsisteam aan die bogrondse plantdele, bereken kan word. Volgens die model word aanvaar dat wateropname 'n funksie is van die grondwortelkonduktansiekoëffisiënt, bewortelingsdigtheid, relatiewe waterinhoud en die waterpotensiaalverskil tussen die plant en die grond. Die verhouding tussen die waterverbruiks- of aanvraagstempo en die watervoorsieningstempo is deur Botha et al. (1983) gedefinieer as die grond- of voorsienings-geïnduseerde plantwaterstremmingsindeks. Indien die verhouding streef na een, sal ernstige plantwaterstremming intree en dit sal dan ook die onderste grens van plantopneembare water gee.

Die model van Botha et al. (1983) kan gebruik word om eerstens die ontwerpvereistes van besproeiingstelsels vas te stel en om tweedens riglyne vir besproeiingskedulering neer te lê. Om dit te kan doen is dit nodig om die insette van die model onder veldtoestande te meet.

1.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die potensiële profielwatervoorsieningstempo model van Botha et al. (1983) kan wiskundig soos volg voorgestel word:

$$PWVT = F_{sr} \sum_{i=1}^n [\ln(\theta_i/\theta_{o1}) (\pi L_{v1})^{1/2} (\psi_{g1} - \psi_p) Z_i] \quad 1.1$$

waar PWVT = profielwatervoorsieningstempo (mm dag⁻¹)
 F_{sr} = grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt vir 'n
 grond-gewaskombinasie (mm² dag⁻¹ kPa⁻¹)
 θ_i = volumetriese waterinhoud van grondlaag (i)
 θ_{o1} = onderste of droë grens van plantopneembare
 water vir laag (i)
 L_v = bewortelingsdigtheid van laag (i) (mm wortels
 mm⁻³ grond)
 ψ_{g1} = matrikspotensiaal van laag (i) (-kPa)
 p = blaarxileempotensiaal (-kPa)
 ψZ_i = dikte van laag (i) in mm

Die primêre doel van hierdie studie was om die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt (F_{sr}) op 'n empiriese wyse in die veld te meet. Dit is moontlik indien al die veranderlikes in vergelyking 1.1, oor kort intervalle van enkele dae, in die veld gemeet word.

Van die insette soos bewortelingsdigtheid, onderste grens van plantopneembare water en die matrikspotensiaal, is moeilik om op roetine basis in die laboratorium of veld te bepaal. Vir die algemene gebruik van die model is dit gerieflik om die veranderlikes vanaf makliker meetbare grondparameters te bereken. Hierdie studie is onderneem om eerstens modelle te ondersoek wat matrikspotensiaal akkuraat vanaf grondwaterinhoud kan voorspel, tweedens om die onderste en boonste grens van plantopneembare water vanaf makliker meetbare grondparameters te bereken en derdens om die grondwortelkonduktansiekoëffisiënt vir verskeie grond-gewastipes te bepaal.

HOOFSTUK 2

ONDERSOEK- EN METINGSPROSEDURES

2.1 PROEFLOKALITEITE EN GEWASSE

Die ondersoek is op Sandvet gedurende die winterseisoen van 1984 begin. In die daaropvolgende jaar is dit uitgebrei na Vaalharts en later (1986/87) ook na die Ramah gebied naamlik die Bleskop- en Rust-beproeingspersele. Op Sandvet is 'n verskeidenheid gewastipes naamlik koring, mielies, grondbone en katoen op hoofsaaklik twee grondtipes, naamlik Hutton Manganoserie en Clovelly Annandaleserie, ondersoek. 'n Hutton Shorrocksserie van die U.O.V.S. proefplaas, met koring as proefgewas, is ook in die navorsingsprojek ingesluit. Gewas-grondkombinasies van mielies, katoen, grondbone, koring en erte op gronde van die Hutton Manganoserie, is op Vaalharts gebruik. Dieselfde gewasse, behalwe erte, is in kombinasie met 'n aantal grondtipes van die Ramah-besproeiingskema, gebruik. Gronde wat algemeen hier voorkom is Oakleaf Vaalrivierserie en Clovelly Vaalbank- en Bleskopseries. Om groter variasie in grondeienskappe te verkry, is minder algemene gronde soos Hutton Shorrocksserie en Oakleaf Joziniserie in die Ramah ondersoek ingesluit.

Al die profiele wat in die ondersoek gebruik is, is geklassifiseer en kom in Bylaag 2.1.1 tot 2.58.1 voor. Die lokaliteite is op die volgende wyse genommer. Gedurende die veldmetings is gebruikgemaak van die medewerker se van, die gewas en die jaar waarin die metings geneem is byvoorbeeld Bredenkamp (B) se mielieperseel (M) wat in 1986 (86) gemonitor is, se laboratoriumnommer sal dan wees BM '86.

Vir die doeleindes van hierdie verslag is besluit om die lokaliteite numeries te nommer en wel as volg. Die koringlokaliteite strek van W1 tot W16, mielies van M17 tot M33, grondbone van G34 tot G41, katoen van C42 tot C50 en erte van P51 tot P53. Die nommerstelsel van die bylae gaan streng volgens afdelings in hoofstukke, behalwe Hoofstuk 2. Om verwarring te voorkom is op die volgende nommerstelsel vir Hoofstuk 2 besluit naamlik, om die laaste syfer van die bylaagnommer te koppel aan die data. Dit is (1) algemene inligting, (2) stremlokaliteite en (3) natlokaliteite. Die middelste syfers van die bylaag verteenwoordig die lokaliteite wat strek van 1 tot 58, terwyl die eerste syfer, naamlik 2, verwys na Hoofstuk 2.

Die rede hoekom daar geen herhalings van behandelings op dieselfde land uitgevoer is nie, is gebaseer op die volgende aanhaling van Campbell en Campbell (1982) naamlik "Spatial variability in both soils and crops is high. If one were to try obtain accurate representative average water content or potential for a field, many samples would be required. Fortunately, irrigation scheduling does not require a knowledge of the field average. Since the field is irrigated as a unit, a single representative monitoring site can be used to indicate the water status for the entire field" en daarby is die behoefte aan 'n groot verskeidenheid lokaliteite, beperkte tyd en mannekrag in ag geneem.

2.2 WATERINHOUDMETINGS

2.2.1 KALIBRASIE VAN NEUTRONMETER


Waterinhoudmetings is met twee Campbell Pacific 503 DR neutronmeters gedoen, wat direk in volumetriese waterinhoud

gekalibreer was. Met die begin van die metings was die neutronmeters alreeds gekalibreer. Dieselfde kalibrasiegrafiek is vir die eoliese gronde van Sandvet en Vaalharts gebruik. Vir die Ramah alluviaie gronde is 'n ander kalibrasie grafiek bepaal. Die neutronmeters is slegs in die begin van elke seisoen gestandaardiseer waarna dieselfde standaardtelling vir die hele seisoen gebruik is.


2.2.2 WATERWEERHOUDING OP STREMMINGSPERSELE

Vir die berekening van die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt (Afdeling 4.2) en die in situ meting van profielbeskikbare waterkapasiteit (Hensley & De Jager, 1982), is dit nodig dat watertoediening weerhou word totdat die plante sigbare waterstremming toon. Twee metodes is gevolg om te verhoed dat water die wortelsone tydens reën of besproeiing, kon bereik. By koring, erte, katoen en grondbone is van 4 x 4 meter tydelike reënskerms gebruikgemaak. Die raamwerk van die reënskerms is van 20 mm aluminiumbuise, wat maklik kan koppel, vervaardig. Die kante van die raamwerk is permanent met Uvidek bedek en die dak is slegs oorgetrek tydens reën of besproeiing. Ter verduideliking is 'n skematiese uiteensetting (Figuur 2.1) gegee en 'n foto (Plaat 2.1) ingesluit as verduideliking van hoe die reënskerms in die veld gebruik is. Die sykante en nokke van die reënskerms is na 2 en 2,5 meter onderskeidelik verhoog, sodat stremmingsmetings op mielies by Vaalharts en Sandvet geneem kon word.

Die mielies te Ramah se hoogtes was van so 'n aard dat dit prakties nie moontlik was om met die reënskerms stremmingsstudies te doen nie. Vir die rede is besluit om plastiek stroke tussen die mielierye te lê. Die grondoppervlak is met plastiekstroke uitgevoer (Plaat 2.2) sodat 'n totale oppervlakte van 4 x 4 meter bedek is. Die



FIGUUR 2.1: Illustrasie van die tydelike reënskerms wat gebruik is



PLAAT 2.1: Illustrasie van die tydelike reënskerms soos dit in die veld opgerig was



PLAAT 2.2: Die wyse waarvolgens die plastiekstroke tussen die mielierye gelê is, word geïllustreer.



PLAAT 2.3: Illustrasie van 'n goed verseëlde mieliestam.

kante van die plastiek is in die grond ingegrave en elke plant en toegangsbuis is verseël met kleefband (Plaat 2.3), om te verhoed dat water die wortelsone binnedring. Twee neutronmeter toegangsbuise is in die middel, een meter van mekaar, van elke perseel geïnstalleer om wateronttrekking te monitor. Die eerste dag waarop visuele plantwaterstremming op die middag waargeneem is, is ook aangeteken. Die gegewens wat by elk van hierdie lokaliteite versamel is, word in Bylae 2.1.2 tot 2.53.2 verstrekk.

2.2.3 NAT-VERWYSINGSPERSELE

'n Natverwysingsperseel, sonder 'n reënskerm, maar met drie neutronmeter toegangsbuise is langsaan elke stremmingsperseel, gebruik. Die wyse waarvolgens evapotranspirasie gemeet is kan afloop, onderskepping deur die blaredak en diep perkolasie insluit, alhoewel voorsorg getref is om afloop en diep perkolasie te verhoed. Om afloop te beperk is dammetjies tussen die rye by katoen en mielies, gemaak. By koring was dit nie moontlik nie en is persele met gelyk oppervlaktes, waar moontlik, gekies. Die gemiddelde daaglikse evapotranspirasie of gewaswaterverbruik is met vergelyking 2.1 bereken.

$$GWV = \left[\sum_{i=1}^n \Delta\theta_i Z_i + R \right] / t \quad 2.1$$

waar GWV = gemiddelde gewaswaterverbruik (mm dag⁻¹)
 $\Delta\theta_i$ = verandering in die waterinhoud van laag i tussen twee metings (v v⁻¹)
 Z_i = dikte van laag i (mm)
 R = reën plus besproeiing tussen twee metings (mm)
 t = aantal dae tussen metings

Die natpersele sou dan dien as verwysingsmetings van evapotranspirasie en blaaxileempotensiaal, onder dieselfde klimaatstoestande en tyd van meting. Die evapotranspirasie-

tempo en blaarxileempotensiaal van 'n strempersseel is met die van die natverwysingspersseel vergelyk om die begin van plantwaterstremming te identifiseer.

2.2.4 IN SITU METING VAN VELDWATERKAPASITEIT

Waar dit moontlik was, is die boonste of nat grens van plantopneembare water in situ gemeet. Twee neutronmeter toegangsbuise is 0,5 m van mekaar tot bokant 'n ondeurdringbare horison of tot op 2 m by diep gronde, geïnstalleer. 'n Dam van 1,5 X 1,5 m is om die buise gemaak en met water gevul. Na twee dae is dit weer met water gevul en met plastiek bedek. Na verloop van 4 dae is die waterinhoud op verskillende dieptes gemeet, waarna grondmonsters op ooreenstemmende dieptes langs die buise geneem is vir deeltjiegrootte ontleding.

Die resultate vir elke grondhorison word in Bylae 2.1.1 tot 2.58.1 vir die lokaliteite verstrekk.

2.3 GRONDWATERVERANDERLIKES

2.3.1 WATERRETENSIEKURWE

Die waterretensiekurwe is op versteurde monsters van geselekteerde grondprofiele bepaal. Die monsters is tot veldbrutodigtheid gepak en volgens die metode van Richards (1984) met 'n drukplaatapparaat tot die verlangde grondwaterpotensiale gebring.

Die volgende matrikspotensiaaldrukke is gebruik om die retensiekurwe te bepaal: 1, 3, 6, 10, 30, 60, 100, 300, 1500 kPa. Die grondwaterretensie by lae suigspannings (-1, -3, -6 en -10 kPa) is met behulp van tempeselle gedoen, terwyl

die hoër spannings (-10 tot -1500 kPa) op drukplate bepaal is. Die volumetriese waterinhoud en ooreenstemmende matrikspotensiale vir die onderskeie lokaliteite word in Bylae 2.1.1 tot 2.58.1 verstrek. Die waterinhoud van die -10 kPa spanning, verteenwoordig 'n gemiddelde waarde van die waterinhoud van die tempesel- en die drukplaatlesings.

2.3.2 HIDROULIESE GELEIVERMOË


Die model van Green en Corey (1971) is gebruik vir die berekening van die onversadigde hidrouliese geleivermoë. Die model benodig waterretensiewaardes en ook versadigde hidrouliese geleivermoë, as insette. Vir die rede was dit nodig om die versadigde hidrouliese geleivermoë van geselekteerde grondlae te bepaal. Die versadigde hidrouliese geleivermoë is met behulp van die drukhoofmetode van Klute (1965), bepaal. Die gemete waardes, vir geselekteerde grondlae, word in Bylae 2.1.1 tot 2.58.1 verstrek.

2.4 ANDER METINGS

2.4.1 DEELTJIEGROOTTEVERSPREIDING

Die deeltjiegrootteverspreiding is bepaal volgens die pipetmetode (Day, 1965). Die deeltjies groter as 0,045 mm is na dispersie met 'n sif van die slik- plus kleifraksies geskei. Die tekstuurklasse verteenwoordig die volgende deeltjiegrootteverdeling.

% Baie growwesand	2,00	-	1,00	mm
% Growwesand	1,00	-	0,50	mm
% Mediumsand	0,50	-	0,25	mm
% Fynsand	0,25	-	0,10	mm
% Baie fynsand	0,10	-	0,05	mm
% Growweslik	0,05	-	0,02	mm
% Fynslik	0,02	-	0,002	mm
% Klei		<	0,002	mm



FIGUUR 2.2: Tekstuurklasverspreiding van al die 300 mm grondlae wat in die ondersoek gebruik was, geklassifiseer volgens die tekstuurdriehoek.

2.4.2 DEELTJIEDIGTHEID

Die deeltjiedigthede is bepaal met behulp van die piknometermetode (Blake & Hartge, 1986). Vir Vaalharts is die waardes van Bennie & Burger (1979) gebruik terwyl die vir Ramah en Sandvet in die laboratorium bepaal is. In

Tabel 2.1 verskyn die gemiddelde deeltjiedigthede (ρ_d) vir die onderskeie gebiede. Die digthede word in Hoofstuk 3 gebruik vir die evaluering van retensiemodelle.

TABEL 2.1: Rekenkundige gemiddelde deeltjiedigthede vir Ramah, Vaalharts en Sandvet gebiede.

Gebied	Gemid. ρ_d g cm ⁻³	Std. afw. g cm ⁻³	Kov. %	n
Ramah	2,5705	±0,1145	4,45	46
Vaalharts	2,6427	±0,0076	0,29	6
Sandvet	2,5596	±0,0511	2,24	12

2.4.3 BEWORTELINGSDIGTHEID

Die volledige bewortelingsdigtheid datastel vir al die lokaliteite vir verskillende tye word deur Bennie, Coetzee, Van Antwerpen, Van Rensburg en Burger (1988) en Van Antwerpen (1988) verstrek. Vir hierdie ondersoek is slegs die bewortelingsdigtheid wat met die middel van die stremperiode ooreenkom het, gebruik. Dit word in Bylae 2.1.1 tot 2.53.1. aangedui.

2.4.4 BRUTODIGTHEID

Die brutodigthede is met die kluitmetode van Blake (1965) bepaal. Aangesien daar met elke wortelmonstertrekking ook kluite gemonster is, is die gemiddelde brutodigtheid oor die seisoen geneem en dit verskyn in Bylae 2.1.1 tot 2.58.1.

2.4.5 BLAARXILEEMPOTENSIAAL

Vir die meet van blaarxileempotensiale is 'n Scholander drukkamer gebruik. Die punt van die jongste volgroeide blaar van koring, mielies, grondbone en katoen wat ten volle aan die son bloot gestel is, is gebruik vir die bepaling van blaarxileempotensiaal. By katoen en erte is die hele blaar plus blaarsteel gebruik. Die blaarsteel van erte is hol. Vir die rede is 'n grashalm in die stingel opgedruk voordat die blaarstingel in die drukkamer geplaas is, vir meting. Metings is altyd tussen 12h00 en 14h00 gedoen. Wanneer die xileempotensiale van grondbone in die blaarsteel gelees word, gee dit onrealistiese hoë (-50 tot -100 kPa) waardes. Meer realistiese waardes is verkry deur die blaar 5 mm agter die blaarsteel af te sny. Die metings word in Bylae 2.1.2 tot 2.53.2 verstrekk.

2.4.6 KLAS A-PAN VERDAMPING

Die Amerikaanse klas A-pan is gebruik om as maatstaf te dien van die heersende daaglikse atmosferiese aanvraag. Behalwe vir Sandvet is al die A-pan lesings afkomstig van weerstasies in die ondersoek gebiede. In die Ramah gebied is gebruik gemaak van twee weerstasies. Die een is geleë op die plaas van mnr. E. van der Walt, in die Rust-omgewing en die ander een in die Bleskop-omgewing, op die plaas van mnr. S. Burger. Vir Vaalharts is die panwaardes van die navorsingstasie op Jankempdorp, gebruik. Die waardes is verwerk na 'n gemiddelde evaporasiewaarde vir 'n spesifieke metingsinterval en word in Bylae 2.1.2 tot 2.53.2 en Bylae 2.1.3 tot 2.53.3, vir elke lokaliteit, aangedui.

HOOFSTUK 3

VOORSPELLING VAN RETENSIEVERWANTSKAPPE

3.1 INLEIDING

Die grondwatermatrikspotensiaal is 'n belangrike inset in die profielwatervoorsieningsmodel. Die matrikspotensiaal van grondwater kan net oor 'n beperkte reeks met tensiometers gemeet word en dit is omslagtig om dit deurlopend op roetine basis te monitor. Dit is daarom geriefliker om dit eerder vanaf maklik meetbare grondveranderlikes te kan beraam.

Laboratoriummetings van die retensiekurwe wat gegrond is op desorpsie van 'n aanvanklike versadigde grondmonster kan nie altyd as gevolg van die histerese-effek gebruik word in veldtoestande nie. Vir die rede word eerder in situ metings van grondwaterpotensiaal en grondwaterinhoud aanbeveel (Arya & Paris, 1981; Cassel, Ratliff & Ritchie, 1983; Haverkamp & Parlange, 1986). Beide die veld en laboratorium prosedure is tydrowend en daarby het Peck, Luxmoore & Stolzy (1977); Philip (1980); Russo & Bresler (1980) ruimtelike variasie in veldmetings gerapporteer. Behalwe vir histerese kan genoemde nadele voorkom word indien die retensieverwantskappe vanaf maklik meetbare grondparameters voorspel of bereken word. Die wyses waarvolgens retensieverwantskappe voorspel kan word, kan in drie kategorieë verdeel word. Eerstens is daar modelle wat gegrond is op lineêre en kwadratiese regressievergelykings, tweedens die wat gebruik maak van 'n magsfunksiepassing en derdens die wat gebaseer is op 'n fisies-empiriese benadering.

Retensieverwantskappe vorm die basis vir die ontwikkeling van grond-plantbestuursmodelle. In hierdie ondersoek word grondwaterpotensiaal gebruik as inset vir so 'n grond-plantbestuursmodel. Daarom is dit noodsaaklik dat daar in hierdie hoofstuk aandag gegee word aan wyses waarop die matrikspotensiaal maklik vanaf grondwaterinhoud beraam kan word.

3.2 VOORSPELLINGS GEGROND OP LINEÊRE EN KWADRATIESE REGRESSIEMODELLE

3.2.1 ALGEMEEN

Die lineêre model, soos byvoorbeeld gebruik deur Gupta & Larson (1979), kan in 'n algemene vorm, soos vervat in vergelyking 3.1, uitgedruk word.

$$\theta_{\psi} = \beta_0 + \beta_1 Z_1, \quad i = 1, 2, 3, \dots, n \quad 3.1$$

Waar θ_{ψ} die berekende volumefraksie van water wat teruggehou word by 'n grondwaterpotensiaal (ψ) is, β_0 en β_1 die regressiekoëffisiënte en Z_1 die waardes van die grondparameters wat gebruik is, voorstel. Grondparameters wat goed gekorreleer het, is verskillende deeltjiegroottepersentasies (slik en klei), organiese materiaalinhoud, brutodigtheid, kationadsorpsievermoë en kalkinhoud (Jamison & Kroth, 1958; Salter, Berry & Williams, 1966; Van der Merwe, 1973; Gupta & Larson, 1979; Bennie & Burger, 1979; Lambooy, 1983; Streuderst, 1985).

Die tweede vorm is 'n nie-lineêre of kwadratiese regressievergelyking en is byvoorbeeld deur Boedt & Laker (1985), Hutson (1986) en Saxton, Rawls, Romberger & Papendick (1986)

gebruik. Die algemene vorm van die modelle kan as volg weergegee word.

$$\theta_{\psi} = \beta_0 + \beta_1 Z_1^c \quad 3.2$$

waar die grondparameters (Z_1) verskeie magsverheffings (c) kan aanneem. Grondparameters wat goed gekorreleer het, is klei, klei + slik, K.A.V. + klei (Boedt & Laker, 1985; Streuderst, 1985; Hutson, 1986).

3.2.2 BEREKENING VAN DIE ONDERSTE GRENS VAN PLANTOPNEEMBARE WATER


Die onderste grens van plantopneembare water word benodig as inset vir die berekening van die grond-wortelkonduktansie-koëffisiënt (Hoofstuk 4). Vir die rede is dit noodsaaklik dat die onderste grense vanaf maklik meetbare grondparameters bereken kan word.

Om die onderste grens van plantopneembare water te bepaal is die retensiedata by -1500 kPa van Bylaag 2.1.1 tot 2.58.1 asook die data van Streuderst (1985) en Bennie & Burger (1979) gebruik. Lineêre regressie is op al die data (behalwe die kalkkreet horisonte) uitgevoer. In hierdie geval het die gronddeeltjies kleiner as 0,05 mm die beste met die gemete grondwaterinhoud by 'n matrikspotensiaal van -1500 kPa gekorreleer (Figuur 3.1). Die aanbevole vergelyking vir die Sentrale- en Westelike-besproeiingsgebiede wat waterinhoud ($v v^{-1}$) vanaf klei- plus slikpersentasie voorspel is:

$$\theta_{1500} = POW_{\text{onder}} = 0,00385(S + K\%) + 0,0125 \quad 3.3$$

waar POW_{onder} = volumetriese waterinhoud wat die droë grens van plantopneembare water verteenwoordig ($v v^{-1}$)


$S + K$ = Persentasie gronddeeltjies kleiner as 0,05 mm of slik + klei %



FIGUUR 3.1: Verwantskap tussen die grofslik- plus klei-inhoud en die onderste grens van plantop-neembare water

Goeie verwantskappe tussen klei of klei + slik en permanente verwelkpunt is deur verskeie navorsers aangetoon (Barteli & Peters, 1959; Petersen, Cunningham & Matelski, 1968; Van der Watt, 1971; Van der Merwe, 1973; Hutson, 1986). Ander grondparameters wat ook al gebruik is, is brutodigtheid, K.A.V. en organiese materiaal (Gupta & Larson, 1979; Bennie & Burger, 1979; Schulze, Hutson & Cass, 1985; Streuderst, 1985). Vergelyking 3.3 is die voorgestelde regressie-vergelyking wat goed met dié van Van der Merwe (1973), wat op besproeiingsgronde van die O.V.S. van toepassing is, ooreenstem. Beide die Van der Merwe (1973) en huidige


regressiemodelle (Figuur 3.2) volg dieselfde tendens dit wil sê albei lyne sny die 1:1 lyn by 'n waterinhoud van 0,03 en 0,099 (v/v) onderskeidelik. Dit impliseer dat albei die waterinhoud links van die snypunt oorskakel terwyl die punte regs van die snypunt onderskat word. Vergelyking 3.3 wat uit dieselfde datastel waarteen dit getoets is, afgelei is, wyk die minste van die 1:1 lyn af en word aanbeveel vir die gebied waarin die ondersoek gedoen is.



FIGUUR 3.2: Verwantskap tussen die gemete en beraamde volumetriese waterinhoud by -1500 kPa, wat met vergelyking 3.3 en die vergelyking voorgestel deur Van der Merwe (1973) bereken is met die 1:1 lyn vir die onderste grens van plant-opneembare water.

3.2.3 BEREKENING VAN DIE BOONSTE GRENS VAN PLANTOPNEEMBARE WATER

Om die boonste grens van plantopneembare water (POW_{bo}) vanaf maklik meetbare parameters te kan voorspel, is 'n lineêre regressie op die data uitgevoer. Gronddeeltjies kleiner as 0,05 (slik + klei %) het die beste verwantskap getoon, soos in Figuur 3.3 aangedui. Die regressielyn stem goed ooreen met die van Boedt & Laker (1985). Vergelyking 3.4 word dus aanbeveel om die boonste grens van plantopneembare water op verwante gronde te bereken.



FIGUUR 3.3: Verwantskap tussen die grofslik plus klei-inhoud van gronde en die in situ gemete boonste grens van plantopneembare water.

$$POW_{bo} = 0,0037 (S + K \%) + 0,139 \quad 3.4$$

waar POW_{bo} = volumetriese waterinhoud wat die nat grens van plantopneembare water verteenwoordig ($v v^{-1}$)
 $S + K$ = persentasie gronddeeltjies kleiner as 0,05 mm of slied + klei %
 $r^2 = 0,49$

Waar sagte kalkkreet voorkom word 'n konstante waarde van 0,345 aanbeveel.

3.3 VOORSPELLINGS GEGROND OP MAGSFUNKSIEPASSINGS

3.3.1 ALGEMEEN

Retensieverwantskappe vorm die basis vir die ontwikkeling van gewasgroei- of plantbestuursmodelle. Om hierdie rede is dit essensieël dat die verwantskappe akkuraat bereken moet word. Lineêre en kwadratiese modelle het die beperking dat die onderskeie punte op 'n retensiegrafiek verbind moet word, om 'n kontinue retensiekurwe te verkry. Aan die ander kant bied magsfunksiepassing 'n eenvoudige maar effektiewe wyse waarvolgens so 'n kontinue verwantskap bereken kan word. Dit is dan ook die rede waarom magsfunksiepassing in die verlede en veral in die afgelope jare wye ondersteuning geniet het (Brooks & Corey, 1964; Gardner, Hillel & Benyamini, 1970; Rogowski, 1971; Campbell & Campbell, 1982; Saxton, Rawls, Romberger & Papendick, 1986). Die vergelyking waarop magsfunksiepassings gebaseer is kan algemeen voorgestel word deur vergelyking 3.5

$$\psi = aX^{-b} \quad 3.5$$

waar ψ = matrikspotensiaal (kPa, bar, mm H₂O)
 a & b = empiriese konstantes
 X = parameter gekoppel aan grondwater

Vergelyking 3.5 is op verskeie wyses gemodifiseer om aan te pas by sekere retensieverwantskappe. Verskeie van die modelle is in hierdie ondersoek vergelyk.

3.3.2 SAXTON , RAWLS, ROMBERGER & PAPENDICK MODEL

Saxton et al. (1986) het die model van Brooks & Corey (1964),

$$\psi = \psi_e [(\theta - \theta_r)/(\theta_s - \theta_r)]^b \quad 3.6$$

waar ψ_e = matrikspotensiaal by luginlaat

θ = grondwaterinhoud ($v v^{-1}$)

θ_s = grondwaterinhoud by versadiging ($v v^{-1}$)

θ_r = residuele grondwaterinhoud ($v v^{-1}$)

b = empiriese konstante, wat uiteraard 'n negatiewe waarde moet aanneem,

aangepas en vereenvoudig na die volgende vorm,

$$\psi = A \theta^B, \quad 3.7$$

deur $\theta_r = 0$, $A = \psi_e \cdot \theta_s^{-b}$ en $B=b$ te stel. Saxton et al. (1986) het van meervoudige nie-lineêre regressie gebruik gemaak om die koëffisiënte A en B afsonderlik met sand- en kleinhoud te korreleer. Hul resultaat word in vergelyking 3.8 en 3.9 weergegee.

$$A = \exp[-4,396 - 0,0715 (\% K) - 4,88 \times 10^{-4} (\% Sa)^2 - 4,285 \times 10^{-5} (\% Sa)^2 (\% K)] / 100 \quad 3.8$$

$$B = -3,14 - 0,0022(\% K)^2 - 3,484 \times 10^{-5} (\% Sa)^2 \quad 3.9$$

waar K = klei
 Sa = sand

3.3.3 GHOSH MODEL

Ghosh (1976) het 'n prosedure voorgestel, waarvolgens die retensiekurve vanaf 'n enkelmeting (θ) bereken kan word. Die voorgestelde vergelyking word in vergelyking 3.10 weergegee.

$$\psi_m = \psi_e (\theta/\theta_s)^{-b} \quad 3.10$$

waar ψ_m = matrikspotensiaal (kPa)
 ψ_e = matrikspotensiaal by luginlaat
 θ = volumetriese waterinhoud ($v v^{-1}$)
 θ_s = volumetriese waterinhoud by versadiging ($v v^{-1}$)

Volgens Ghosh (1976) kan die waarde van b bereken word met vergelyking 3.11

$$b = 26,5 (Y_2/Y_1)^{1,786} \quad 3.11$$

waar Y_1 = sand (%)
 Y_2 = slik (%)

3.3.4 CAMPBELL MODEL

Campbell (1985) het verskeie korrelasiemodelle getoets en tot die gevolgtrekking gekom dat alhoewel die korrelasies goed ooreenstem met die data waaruit dit ontwikkel het, dit nie die geval is wanneer dit gepas word met data van ander studies nie. Volgens hom is die rede hiervoor dat die vorm van 'n retensiekurve nie deur deeltjiegrootteverspreiding bepaal word. Die twee is wel verwant, maar faktore soos deeltjiekpakking, -vorm en -oriëntasie is belangrik. Die algemene vergelyking wat hy gebruik het is gegrond op die van Ghosh (1976) en poriegrootteverspreiding.

$$\psi_m = \psi_e (\theta/\theta_e)^{-b} \quad 3.12$$

Die parameters ψ_e en b kan op twee wyses verkry word. Gewoonlik word 'n lineêre passing op bestaande retensiedata gedoen op 'n log-log skaal. Die helling van die lyn sal (b) voorstel en die afsnit sal gelyk wees aan (ψ_e). Die tweede manier is gegrond op die aanname dat die deeltjiegrootteverspreiding van gronde benaderd 'n logaritmes normaal verdeling volg. Indien dié aanname geld kan sand, slik en klei verteenwoordig word deur 'n geometriese (of log) gemiddelde deeltjiedeursnee (α_g) en 'n geometriese standaard afwyking (σ_g). Die onderskeie waardes van α_g en σ_g kan bereken word deur

$$\alpha_g = \exp a \quad 3.13$$

$$\sigma_g = \exp b \quad 3.14$$

$$\text{waar } a = 0,01 \sum_{i=1}^n m_i \ln d_i \quad 3.15$$

$$b = 0,01 \sum_{i=1}^n [m_i (\ln d_i)^2 - a^2]^{0.5}, \quad 3.16$$

m_i is die massa van 'n deeltjiegrootteklas (i) en d_i is die gemiddelde deursnee van klas (i). Die sommering vind oor drie tekstuurklasse naamlik sand, slik en klei plaas. Om die effek van brutodigtheid in te bring is die volgende vergelyking voorgestel:

$$\psi_e = \psi_{es} (\rho b / 1,3)^{0.67b}, \quad 3.17$$

$$\text{waar } \psi_{es} = -0,5 (\alpha_g)^{-0.5} \quad 3.18$$

$$b = -2 \psi_{es} + 0,2 (\sigma_g) \quad 3.19$$

en ρ_b die brutodigtheid (g cm^{-3}) is.

3.3.5 GEWYSIGDE CAMPBELL MODEL

Dit is moontlik om Campbell & Campbell (1982) se model te wysig na die volgende vorm:

$$|\psi_g| = a (\theta_{1500} / \theta)^c \quad 3.20$$

$$= 1500 (\theta_{1500} / \theta)^c \quad 3.21$$

aangesien by $\theta = \theta_{1500}$ is $a = 1500$

Indien die retensiegrafiek by -10 kPa matrikspotensiaal gepas word kan die eksponent C met vergelyking 3.22 bereken word.


$$C = \frac{-5,0056}{\ln (\theta_{1500} / \theta_{10})} \quad 3.22$$

waar $|\psi_g|$ = absolute waarde van die matrikspotensiaal
 θ_{1500} = volumetriese waterinhoud by die permanente
 verwelkpunt wat met vergelyking 3.3 bereken
 kan word (v v^{-1})
 θ_{10} = volumetriese waterinhoud by -10 kPa matriks-
 potensiaal wat met vergelyking 3.23 bereken
 kan word

'n Goeie korrelasie tussen die grofslik- plus kleipersen-
 tasie en die volumetriese waterinhoud by -10kPa matriks-
 potensiaal is verkry. Die verband is grafies in Figuur 3.4
 voorgestel, terwyl die regressielyn met vergelyking 3.23.
 bereken kan word.

$$\theta_{10} = 0,035 (S + K \%)^{0,611} \quad 3.23$$

Die algemene vergelyking waarmee die waterretensiekurwe of vrystellingskurwe vir grondhorisonte beraam kan word, is vergelyking 3.21. Die eksponent C in vergelyking 3.21 word met vergelyking 3.22 bereken vanaf die waterinhoude by -10kPa en -1500kPa wat onderskeidelik met vergelykings 3.23 en 3.3 vanaf die persentasie slik en klei bereken kan word.



FIGUUR 3.4: Die verwantskap tussen die grofslik- plus klei-persentasies en die volumetriese waterinhoud by -10 kPa matrikspotensiaal.


3.3.6 VERGELYKING VAN DIE VERSKILLENDE MODELLE

Die model waarmee die profielwatervoorsieningstempo (Afdeling 4.1) bereken word, benodig grondwaterpotensiaal as inset. Die matrikspotensiaal is nie in die veld gemeet nie en vir algemene toepassing van die model is dit noodsaaklik om die matrikspotensiaal akkuraat vanaf die grondwaterinhoud met behulp van maklik meetbare parameters, te kan bereken.

Die waterinhoude by -10, -30, -60, -100, -300 en -1500 kPa matrikspotensiaal, wat in die laboratorium bepaal is en die (relevante) toepaslike grondeienskappe is gebruik om die ooreenstemmende matrikspotensiale met die voorgestelde modelle te beraam. Die horisonte is sodanig gekies dat dit 'n wye spektrum van klei- plus slikpersentasie, dek (Bylaag 3.3.6.1). Eksperimentele data van Bennie & Burger (1979) en Streuderst (1985) is ook ingesluit.

'n Lineêre regressie is op die verwantskappe tussen 240 pare gemete en voorspelde (met die verskillende modelle) matrikspotensiaalwaardes uitgevoer. Die resultaat word in Figuur 3.5 aangedui en verskyn in Bylaag 3.3.6.2. Die regressielyn wat die naaste aan die 1:1 lyn was, is as maatstaf geneem om die beste voorspellingsmodel te kies. Die gewysigde Campbell & Campbell model en Saxton et al. (1986) modelle was albei parallel aan die 1:1 lyn en het beide dus deurgaans die matrikspotensiaal konstant oorskat. Die gewysigde Campbell & Campbell model was die naaste aan die 1:1 lyn. Daar moet in ag geneem word dat die insette vir die gewysigde Campbell & Campbell model vanaf dieselfde datastel waarteen dit getoets is, bereken is. Die Saxton et al. (1986) model word ook aanbeveel. Vir die berekening van grond- wortelkonduktansiekoëffisiënte, is die gewysigde Campbell & Campbell vergelyking deurgaans gebruik. Die

onderskeie C eksponente, vir gebruik van vergelyking 3.21, word in Bylae 2.1.1 tot 2.53.1 verstrekk.



FIGUUR 3.5: Vergelyking van gemete teenoor die beraamde matrikspotensiale wat met die verskillende magsfunksiepassings modelle, bereken is.

3.4 VOORSPELLINGS MET 'n FISIESE-EMPIRIESE MODEL

Araya & Paris (1981) erken die gebruik van regressievergelykings sowel as magsfunksiepassingsmodelle, maar kritiseer die benaderings aan die hand van fisiese beginsels omdat die effek van tekstuur en pakkingsienskappe

nie daarin vervat is nie. Vir die rede het hulle 'n fisies-empiriese model ontwikkel om die retensiekurve te voorspel.

3.4.1 ARYA & PARIS MODEL

Die model van Arya & Paris (1981), maak gebruik van insette afkomstig uit roetine ontledings van deeltjiegroottes, deeltjiedigthede en brutodigthede. In kort kom dit daarop neer dat 'n poriegrootteverspreiding vanaf deeltjiegrootteverspreiding, brutodigtheid en deeltjiedigthede bereken word deur gebruik te maak van vergelyking 3.24 en 3.25

$$Vv_i = (W_i / \rho_d) e, \quad i = 1, 2, 3, \dots, n \quad 3.24$$

$$e = (\rho_d - \rho_b) / \rho_b \quad 3.25$$

waar Vv_i = porievolume geassosieer met elke deeltjiegrootte-fraksie of klas

W_i = die verskil in kumulatiewe persentasie verdeel deur 100

e = ruimteverhouding

ρ_d = deeltjiedigtheid (g cm^{-3})

ρ_b = brutodigtheid (g cm^{-3})

n = verteenwoordig die aantal fraksies waarin die kumulatiewe deeltjiegrootteverspreidingskurwe verdeel is

Die volumetriese waterinhoud is met vergelyking 3.26 bereken. Daar is aanvaar dat die porievolume (Vv_j), wat so gegenerer word, progressief akkumuleer en met water gevul word.

$$\theta v_i = \sum_{j=1}^{i-1} Vv_j / V_b, \quad i = 1, 2, \dots, n \quad 3.26$$

$$V_b = 1 / \rho_b \quad 3.27$$

Die verband tussen deeltjiegroottes (R) en porieradius (r_1) kan beskryf word deur (Vergelyking 3.28):

$$r_1 = R_1 [4 e m_1^{(1-\alpha)}/6]^{0.5} \quad 3.28$$

waar R_1 = die deeltjiegrootte deursnee vir klas i .

m_1 = verteenwoordig die soliedemassa in die i -de deeltjie klas

Die porieradius (r_1) kan ook bereken word met die kapillêre vergelyking 3.29,

$$r_1 = 0,149/\psi_1 \quad 3.29$$

waar ψ_1 = grondwaterpotensiaal in cm H_2O

Die waardes van m_1 en α_1 kan volgens Arya & Paris (1981) onderskeidelik met vergelyking 3.30 en 3.31 bereken word.

$$m_1 = 3W_1/4 \rho_d \pi R_1^3 \quad 3.30$$

$$\alpha_1 = 1 - \log (3r^2 / 2e R_1^2) / \log m_1 \quad 3.31$$

Om die model te gebruik, is dit 'n vereiste dat (α) eers empiries bepaal moet word. Drie stalle horisonte (Bylaag 3.4.2.1) van Ramah, Vaalharts en Sandvet is vir die doel gebruik. Die volgende prosedure is gevolg.

1) Kumulatiewe deeltjiegrootteverspreidingskurwe is opgestel en verdeel in 'n aantal klasse om W_1 te verkry vir 'n spesifieke deeltjieradius (Bylaag 3.4.2.2).

2) Vergelyking 3.24 tot 3.27 is gebruik om die volumetriese waterinhoud by 'n spesifieke R_1 bereken.

3) Die waterinhoud wat so verkry is, is gebruik om die ooreenstemmende werklik gemete matrikspotensiaal vanaf die laboratorium bepaalde retensiekurve af te lees.

4) α_1 is met vergelyking 3.31 bereken.

5) Die α_1 -waardes wat so verkry is, is teen R_1 gestip en 'n polinomiese regressie het die verwantskap die beste gepas (Tabel 3.1).

TABEL 3.1: Regressievergelykings waarmee die modelparameter (α) vanaf die deeltjiegrootte (R) vir die onderskeie gebiede bereken kan word.

Gebied	Polinomiese vergelyking	r^2
Ramah	$\alpha = 1,17 + 44,48(R) - 999,39(R)^2 + 7807,21(R)^3 - 20249,21(R)^4$	0,81
Vaalharts	$\alpha = 1,18 + 64,77(R) - 1419,14(R)^2 + 7852,69(R)^3$	0,79
Sandvet	$\alpha = 1,09 + 53,42(R) - 833,55(R)^2 + 3358,20(R)^3$	0,89

3.4.2 VERGELYKING MET GEWYSIGDE CAMPBELL MODEL

Slegs die grondhorisonte van Ramah, Vaalharts en Sandvet wat in Bylaag 3.3.6 opgeneem is, is gebruik om die Arya & Paris model mee te toets. Retensiedata, deeltjiegroottes en brutodigtheid wat benodig word vir die toets van die model kom in Bylae 2.1.1 tot 2.58.1 voor. 'n Konstante deeltjiedigtheid vir elke besproeiingsgebied, soos vervat in

Tabel 2.1 (Afdeling 2.4.2), is gebruik. Om die model te gebruik is die volgende prosedure gevolg:

1) Vir al die grondhorisonte is kumulatiewe deeltjiegrootteverspreidingskurwe opgestel sodat θ_v bereken kan word vir 'n spesifieke R-waarde (Bylaag 3.4.2.2).

2) Die ooreenstemmende α -waarde is met die vergelykings in Tabel 3.1 bereken.


3) Daarna is m_1 (klas) en r_1 met vergelykings 3.30 en 3.28 onderskeidelik bereken.

4) Deur die kapillêre vergelyking te omskryf na vergelyking 3.32

$$\psi_i = 0,149/r_1. \quad 3.32$$

kan die matrikspotensiaal, wat met elke berekende volumetriese waterinhoud ooreenstem, verkry word.

Om die model te toets is die voorspelde verwantskap tussen θ en ψ_s van Arya & Paris model met die gemete retensiekurve, vergelyk. Die voorspelde en gemete matrikspotensiaal by 'n aantal θ -waardes op die kurwe is met mekaar vergelyk. Die Arya & Paris model word in Figuur 3.6 met die gewysigde Campbell & Campbell model vir dieselfde grondhorisonte vergelyk. Uit die resultate is dit duidelik dat alhoewel (α) empiries vir die onderskeie gebiede bepaal is, het die Arya & Paris model nie aan die verwagtinge voldoen nie. Haverkamp & Parlange (1982) het die model gekritiseer omdat dit fundamentele beperkings het, want die model is gebaseer op 'n nie-lineêre poriegrootte : deeltjiegrootte verhouding.



FIGUUR 3.6: Vergelyking van gemete met beraamde matrikspotensiale wat met die Arya & Paris model en die gewysigde Campbell & Campbell model bereken is.

3.5 SAMEVATTING

In hierdie ondersoek word grondwatermatrikspotensiaal gebruik as inset in die model wat profielwatervoorsienings-tempo bereken. Vir die rede is dit noodsaaklik dat verwantskappe tussen grondwaterinhoud en matrikspotensiaal vinnig en akkuraat vanaf maklike meetbare grondparameters, bereken

kan word. Om in die doel te slaag is verskeie voorgestelde modelle, wat die verwantskap kan bereken, vergelyk.

Die voorgestelde modelle kan in drie klasse volgens die benadering wat gevolg is verdeel word naamlik eerstens die wat gebruik maak van lineêre of nie-lineêre regressievergelykings, tweedens die wat magsfunksiepassing as basis gebruik en derdens die wat 'n fisies-empiriese benadering volg. Uit die ondersoek blyk dit dat die regressiebenadering baie effektief is waar 'n spesifieke verwantskap tussen waterinhoud by 'n gegewe matrikspotensiaal en grondtekstureienskappe benodig word. Hierdie tegniek is gebruik om die boonste en onderste grens van plantopneembare water sowel as die waterinhoud by -10 kPa, vanaf die persentasie slik plus klei, wat normaalweg op roetinebasis ontleed word, te kan bereken.

Verskeie magsfunksiepassingsmodelle is ge-evalueer. Uit die resultate was dit duidelik dat hierdie metode tot 'n kontinue verwantskap tussen -10 en -1500 kPa matrikspotensiaal en waterinhoud lei. Vir die Sentrale- en Westelike-besproeiingsgebiede word die gewysigde Campbell model aanbeveel, alhoewel die model van Saxton et al. (1986) ook gebruik kan word.

HOOFSTUK 4

GROND-WORTELKONDUKTANSIEKOEFFISIËNT VIR VERSKILLENDE GROND-
PLANTKOMBINASIES

4.1 INLEIDING

Die opname van water deur plantwortels kan wiskundig gesimuleer word deur van mikroskopiese of makroskopiese benadering gebruik te maak (Hillel, 1980). Die mikroskopiese benadering behels die vloei van water vanuit die grond na en in individuele wortels. In geheel word die wortelstelsel van 'n plant as 'n stel van individuele grond-plus wortelsilinders elk met 'n definieerbare grens, gesien. Die makroskopiese benaderings beskou die wortelstelsel in geheel as 'n "diffuse sink" wat elke grondlaag eweredig penetreer (Hillel, 1980).

Wanneer die twee benaderings vergelyk word, is die makroskopiese benadering meer aanvaarbaar, byvoorbeeld die van Hanks (1974) en Feddes, Kowalik & Zaradny (1978). Die makroskopiese modelle word deur wetenskaplikes gekritiseer weens die onvermoë daarvan om plante se gedrag te voorspel of te verklaar (Passiora, 1985). Dit omseil gekompliseerde prosesse soos byvoorbeeld die potensiaalgradiënte wat betrokke is by die vloei van water na 'n enkel wortel (Hillel, 1980).

Aan die ander kant bied die mikroskopiese benadering aan wetenskaplikes die geleentheid om inligting te versamel oor die watervloed na afsonderlike wortels. Die grootste kritiek teen die mikroskopiese modelle is dat die praktiese toepassing daarvan, gekompliseerd is. Om dié rede is Passiora (1985) van mening dat daar weer na die aannames

van die klassieke enkelwortel opname modelle gekyk moet word. Die meeste mikroskopiese modelle (Gardner, 1960; Cowan, 1965; Philip, 1975) is gebaseer op die vloeivergelyking van Darcy.

$$\frac{\partial \theta}{\partial t} = -K \frac{\partial \psi}{\partial x} = -D_w \frac{\partial \theta}{\partial x} \quad 4.1$$

en die differensiële vergelyking vir onversadigde vloei:

$$\frac{\partial \theta}{\partial t} = \frac{\partial}{\partial x} \left[K(\psi) \frac{\partial \psi}{\partial x} \right] = \frac{\partial}{\partial x} \left[D_w(\theta) \frac{\partial \theta}{\partial x} \right] \quad 4.2$$

waar $\partial \theta / \partial t$ = tempo waarteen water opgeneem word
 $K, K(\psi)$ = versadigde en onversadigde hidrouliese geleivermoë onderskeidelik
 ψ = grondmatrikspotensiaal
 x = afstand
 $D_w, D_w(\theta)$ = versadigde en onversadigde waterdiffisiwiteit onderskeidelik

Die vergelyking vir onversadigde vloei (Vergelyking 4.2), is dieselfde as dié vir diffusie. Volgens Tinker (1976) is hierdie analoog vergelykings nie akkuraat nie, want waterbeweging in gronde is hoofsaaklik afhanklik van porieradius dit wil sê massavloei en nie diffusie nie. Die konduktiwiteit, K , is daarom in werklikheid 'n maatstaf van die gemak waarmee water in gronde beweeg.

Die model van Botha *et al.* (1983) dui op die moontlikheid om die betekenis van K nog verder uit te brei deur dit te vervang met 'n gekombineerde grond-wortelkonduktansie (K_{sr}), wat die beweging van water uit die grond na en in 'n enkelwortel beskryf.

Die vloeisisteen van wateropname deur plantwortels word deur Philip (1966) beskryf as 'n dinamiese fisiese kontinuum en kan dus verdeel word in 'n aanvraag- en 'n voorsieningskomponent. Heersende atmosferiese toestande

beheer die daaglikse aanvraagstempo en in kombinasie met karakteristieke grond- en planteienskappe bepaal dit die evapotranspirasietempo of aanvraagskomponent. Die watervoorsieningstempo aan die vloeisistiem word volgens Botha et al. (1983) deur toestande in die grond-wortelsistiem beheer.

Met die aanvaarding van Philip (1957) se beskouing, volgens Gardner (1960), dat 'n vloeisistiem uit 'n versameling van wortel- plus grondsilinders bestaan, is die berekening van wateropname vergemaklik. Volgens Gardner (1960), sal water binne so 'n wortel-grondsilinder radiaal na die wortelsistiem vanweë 'n potensiaalgradiënt, beweeg. Hierdie benadering bring mee dat waterbeweging gereguleer word deur 'n reeks weerstande in serie wat arbitrêr toegeken kan word aan die grond, wortels, stamme, blare of onderafdelings van organe tot die vlak van individuele selle, selmembrane of selwande. Uit die oorsigartikel van Oosterhuis (1983) blyk dit of daar nog baie onsekerheid heers oor die bydrae van die onderskeie weerstande om waterbeweging te reguleer.

In praktyk gerigte navorsing moet 'n besluit geneem word tot watter vlak van detail fisiologiese en fisiese aspekte, ondersoek gaan word. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die kwantifisering van hidrouliese weerstand. Verskeie navorsers is dit eens dat radiale hidrouliese weerstand in die wortel heelwat groter is as die aksiale weerstand langs die xileemweefsel (Busscher & Fritton, 1978 en Jensen, Taylor & Weibe, 1961). Die aksiale weerstand is so klein dat sommige navorsers dit as weglaatbaar beskou (byvoorbeeld Newman, 1974; Taylor & Klepper, 1975; Rowse & Goodman, 1981), terwyl werkers soos byvoorbeeld Passioura (1972), Wind (1955) en Richards & Passioura (1981) weer die teendeel bewys het. Indien aksiale wortelweerstand as weglaatbaar klein beskou word, kan die wortelxileempotensiaal gelyk gestel word aan die gemete blaarxileempotensiaal. Die

grondwaterpotensiaal aan die buitenste grens van die silinder kan gelyk aan die matrikspotensiaal van die bulk grond, gestel word. In hierdie benadering is die osmotiese potensiaal nie in berekening gebring nie. Volgens Barber, Walker & Vasey (1963) en Riley & Barber (1969), kan dit wel 'n invloed hê.

Die buitenste grens (radius, r) van die onderskeie wortelgrondsilinders word deur die bewortelingsdigtheid (L_v) bepaal en kan volgens Barley (1970) met vergelyking 4.3 bereken word, waar wortelgroei ewekansig plaasvind.

$$r = (\pi L_v)^{-1/2} \quad 4.3$$

waar L_v = totale wortellengte per eenheid volume grond

Onder toestande van bestendige vloed kan waterbeweging beskryf word deur Richards se vergelyking:

$$\frac{\partial \theta}{\partial t} = -K \frac{\partial \psi}{\partial r} \quad 4.4$$

waar θ = die volumetriese waterinhoud
 t = tyd
 K = hidrouliese geleivermoë van die grond
 $\partial \psi / \partial r$ = potensiaalgradiënt

Deur K te vervang met 'n gekombineerde grondwortelkonduktansie (K_{wr}), deur te aanvaar dat die verskil tussen die grond- en plantxileempotensiaal oor die radius van die grond-wortelsilinder ontwikkel en sodoende vergelyking 4.3 in vergelyking 4.4 te substitueer kan vergelyking 4.5 vir die wortel-grondsilinders herskryf word as,

$$\frac{\partial \theta}{\partial t} = K_{sr} (\psi_g - \psi_p) (\pi L_v)^{1/2} \quad 4.5$$

waar ψ_g = matrikspotensiaal van die grond (-kPa)
 ψ_p = blaarxileempotensiaal (-kPa)

Botha *et al.* (1983) het 'n lineêre verwantskap tussen K_{sr} en die logaritme van die relatiewe waterinhoud (θ/θ_o) gekry. Die helling van die verwantskap is die grondwortelkonduktansie- indeks of koëffisiënt (F_{sr}) genoem.

$$K_{sr} = F_{sr} \ln(\theta/\theta_o) \quad 4.6$$

waar θ = volumetriese waterinhoud
 θ_o = onderste of droë grens van plantopneembare water

Substitusie van vergelyking 4.6 in 4.5 lewer:

$$\frac{\partial \theta}{\partial t} = F_{sr} \ln(\theta/\theta_o) (\pi L_v)^{1/2} (\psi_g - \psi_p) \quad 4.7$$

Deur vergelyking 4.7 te herrangskik, kan F_{sr} bereken word:

$$F_{sr} = \frac{\partial \theta / \partial t}{[\ln(\theta/\theta_o) (\pi L_v)^{1/2} (\psi_g - \psi_p)]} \quad 4.8$$

Die F_{sr} -koëffisiënt kan vir 'n grondlaag ($_1$) bereken word indien die grondprofiel in gelyke lae (n) vir die totale bewortelingsdiepte, opgedeel word.

$$F_{sr1} = \frac{\partial \theta_1 / \partial t}{[\ln(\theta_1/\theta_{o1}) (\pi L_{v1})^{1/2} (\psi_{g1} - \psi_p)]} \quad 4.9$$

F_{sr1} kan slegs akkuraat vir elke grondlaag bereken word indien $\partial \theta_1 / \partial t$ gekorrigeer word vir die onversadigde water-vloed tussen lae. Om hierdie rede is daar verskeie aannames met die berekening van F_{sr} gemaak (Afdeling 4.2).

4.2 PROSEDURE VIR DIE BEREKENING VAN DIE GROND- WORTELKONDUKTANSIEKOËFFISIËNT

Die volgende aannames is met die berekening van F_{sr} maak.

I) Dat die F_{sr} , soos die blaaxileempotensiaal, 'n geïntegreerde waarde oor die totale bewortelingsdiepte, verteenwoordig.

II) Omdat watertoediening gedurende die metingsperiode weerhou is, sodat die grondoppervlak droog kan bly, is aanvaar dat die verdampingskomponent van die gemete evapotranspirasie klein, in vergelyking met die transpirasiekomponent, was.

III) Verskeie metodes is gepubliseer om die blaaxwaterpotensiaal te laat versprei oor 'n metingsperiode sodat byvoorbeeld daaglikse berekenings gedoen kan word. So byvoorbeeld het Taylor & Klepper (1975) die gemiddelde blaaxileempotensiaal van katoen in verband gebring met die deursnee van die stam wat op ooreenstemmende tye gemeet is. Botha et al. (1983) het die blaaxileempotensiaal gespesifiseer in terme van daglengte (aantal dagligure met sonstraling groter as 85 W m^{-2}). Vir die doel van hierdie studie is 'n konstante dagwaarde van blaaxileempotensiaal, gelyk aan die gemete blaaxileempotensiaal soos beskryf in Afdeling 2.4.5, geneem. Die daaglikse variasie in dagligure en dus die effektiewe evapotranspirasietyd teen maksimum blaaxileempotensiaal sal daarom in die F_{sr} -waarde weerspieël word. Daar is ook aangeneem dat die blaaxileempotensiaal vir al die

dae, tussen metings, dieselfde was. Die korreksie vir die gravitasieverskil tussen die gemete blaar en die middelpunt van elke laag is as weglaatbaar klein beskou.

IV) Daar is aanvaar dat die bewortelingsdigtheid, wat 'n paar dae na die eerste meting bepaal is, konstant oor die hele metingsperiode was. Die metings is in al die gevalle gedurende die vroeë reprodktiewe groeistadia geneem, wanneer wortelgroei alreeds 'n maksimum bereik het en voordat betekenisvolle wortelafsterwing kon intree.

V) Die watervloed as gevolg van 'n matriks-potensiaalverskil tussen lae, is as weglaatbaar klein in vergelyking met die wateropname tussen metings, beskou. Dreinerings uit die onderste laag was die enigste aspek wat 'n betekenisvolle effek op die berekenings kon hê, daarom is daar voorsorg getref dat dit nul of weglaatbaar klein was.

Die prosedure waarop die verskillende relevante metings geneem is, is in Hoofstuk 2 beskryf. Indien bogenoemde aannames geldig is, kan die F_{sr} tussen metingsperiodes met vergelyking 4.10 bereken word:

$$F_{sr} = \frac{ET}{\sum_{i=1}^n [\ln(\theta_i/\theta_{o1}) (\pi L_{v1})^2 (\psi g_i - \psi p) Z_i]} \quad 4.10$$

waar ET = gemiddelde evapotranspirasie tussen metings
(mm dag⁻¹)

Indien al die veranderlikes in vergelyking 4.10 gemeet of bereken is, kan F_{sr} bereken word. Dit was dan ook een van die doelstellings van die projek om die grond-

wortelkonduktansiekoëffisiënt in die veld te bepaal. Die insette wat nodig is vir die berekening van F_{sr} is in die volgende bylaes vervat:

I) Die ET-waardes is volgens die prosedure in afdeling 2.2 oor die metingsperiodes bereken en word in Bylae 2.1.2 tot 2.53.2 aangedui.

II) Die bewortelingsdigtheid, vir elke grondlaag, wat ongeveer in die middel van die metingsperiode gemeet is, is gebruik en word in Bylae 2.1.1 tot 2.53.1 vir die relevante lokaliteite, aangetoon.

III) Die werklike gemete θ_1 -waardes, wat in Bylae 2.1.2 tot 2.53.2 aangedui is, is gebruik (Afdeling 2.2.3).

IV) Die werklike gemete blaaxileempotensiaal, soos aangedui in Bylae 2.1.2 tot 2.53.2 is gebruik.

V) Die grondmatrikspotensiaal is vir elke laag met vergelyking 3.20 vanaf die grondwaterinhoud bereken, deur die relevante c-waardes wat in Bylae 2.1.1 tot 2.53.1 verstrek is, te gebruik.

VI) Daar is van die lokaliteite waarvan die grondlae droër uitgedroog het as wat die regressievergelyking (3.3) voorspel het. Dit het probleme veroorsaak in die berekening van F_{sr} , want negatiewe volumetriese waterinhoude is verkry. Die probleem is met behulp van vergelyking 4.11, wat die grondmatrikspotensiaal gelyk aan die gemete blaaxileempotensiaal van 'n betrokke dag stel wanneer $p \leq -1500$ kPa, opgelos. Met diè vergelyking is dit moontlik om die

grondlae droër as θ_{1500} uit te droog, indien die blaaxileempotensiaal minder is as -1500 kPa.

$$\theta_{o1} = \left[\frac{1500 \theta_{1500}^c}{/\psi_p/} \right]^{\frac{1}{c}} \quad 4.11$$

4.3 RESULTATE EN BESPREKING

4.3.1 GROND-WORTELKONDUKTANSIEKOËFFISIËNT VIR DIE VERSKILLENDE GEWASSE

Die prosedure wat in afdeling 4.2 beskryf is, is gevolg om die onderskeie grond-wortelkonduktansiekoëffisiënte vir elke metingsinterval met behulp van vergelyking 4.10 te bereken. Die berekende F_{sr} -waarde vir die relevante lokaliteite verskyn in Bylae 2.1.2 tot 2.53.2.

Ter illustrasie is die data van koringlokaliteite W8, W10 en W13 gebruik. Alhoewel dit almal Ramah-lokaliteite is, verteenwoordig dit verskillende tipes gronde, byvoorbeeld lokaliteit W8 is 'n sandleemgrond met 'n gemiddelde slik-plus kleinhoud van 28 %, W10 is 'n kleileemgrond met 'n slik-plus kleinhoud van 52 %, terwyl W13 'n sandleemgrond is met 'n slik-plus kleinhoud van 19 %. Werklike evapotranspirasie (ET) en blaaxileempotensiale van die waterweerhoudingsperseel en die natperseel is teen tyd in Figuur 4.1, 4.2 en 4.3 vir die onderskeie lokaliteite, gestip. Die verandering in F_{sr} en A-panverdamping is ook teen tyd vir drie lokaliteite in bogenoemde figure, gestip. Die werklike datapunte word op die grafieke aangedui, maar die lyne is deur die aangepaste punte getrek. Die korttermyn

verskille is verwyder deur die datapunte met die volgende vergelyking aan te pas:


$$Y_n = 0.25Y_{n-1} + 0.5Y_n + .25Y_{n+1} \quad 4.12$$

Uit die resultate blyk dit dat die A-pan lesings in dieselfde orde as die ET van die natpersele was, behalwe vir W13 waar dit laer was. Wanneer die ET_{nat} met die A-pan vergelyk word, moet in gedagte gehou word dat die A-pan lesings afkomstig is van 'n sentrale weerstasie. Dus mag daar afwykings in die tendense voorkom soos moontlik by W13. Wanneer die evapotranspirasie van die nat- en strempersele met mekaar vergelyk word, is dit belangrik om aandag aan die evaporasiekomponent tussen die twee tipes persele, te gee. Volgens Hanks (1974), dra die waterverlies uit die boonste 20 tot 30 cm by tot evaporasie, tensy daar abnormale toestande soos 'n watertafel in die grond teenwoordig is.


Die ET van die natpersele is hoër as die ET van die strempersele en die verskil het in al die gevalle groter geword gedurende die stremmingsperiode. Dit is moontlik dat die natperseel (W13) stremming ondervind het vanaf dag 140, want die ET het voortdurend gedaal, terwyl die blaarxileempotensiaal ook gedaal het. 'n Gemiddelde piek ET_{strem} van 5,5 mm vir W8, 5,3 mm vir W10 en 7,1 mm vir W13 is onderskeidelik bereik. Hierna het die ET geleidelik gedaal tot by 'n ET wat tussen 1 en 2 mm dag⁻¹ gewissel het. Wanneer hierdie waardes bereik is, was die plante alreeds visueel aan baie ernstige stremming onderwerp. Kenmerkende simptome van hierdie fase is die afsterwing van blare van onder af en afspening van bolle in die geval van katoen.

Duidelike tendense is sigbaar ten opsigte van die verandering van blaarxileempotensiaal teenoor tyd (Figure 4.1 tot 4.3). Uit die resultate blyk dit dat die blaarxileempotensiaal afneem soos wat die water uit die


LOKALITEIT W8



FIGUUR 4.1: Die verandering van potensiële evaporasie, evapotranspirasie, blaarxileempotensiaal en die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt oor die metingsperiode van lokaliteit W8.



FIGUUR 4.2: Die verandering van potensiële evaporasie, evapotranspirasie, blaaxileempotensiaal en die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt oor die metingsperiode van lokaliteit W10



FIGUUR 4.3: Die verandering van potensiële evaporasie, evapotranspirasie, blaarxileempotensiaal en die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt oor die metingsperiode van lokaliteit W13

profiel onttrek word. By W8 en W10 is daar ook 'n styging in die xileempotensiaal waargeneem nadat ernstige visuele plantwaterstremming ingetree het. Net soos in die geval by Engelbrecht (1985), het die blaarxileempotensiaal van die natpersele ook afgeneem oor die metingsperiode. Hierdie afname, is moontlik die gevolg van 'n toename in die ouderdom van die plant en by wintergrane as gevolg van 'n toename in die verdampingsaanvraag van die atmosfeer gedurende die laat lente en vroeë somer. Die redelike vinnige daling in die blaarxileempotensiaal vanaf dag 137 vir perseel W13 kan die gevolg van 'n matige stremming wat die plante ondervind het, wees.

Die verandering in die grond- wortelkonduktansiekoëffisiënt gedurende die stremmingsperiode toon ook soms 'n piek net voordat stremming intree. Hierdie piek dui dus op 'n periode waartydens wateropname teen 'n hoër tempo deur die wortels plaasgevind het. Nadat die piek bereik is, het die F_{sx} weer gedaal totdat dit by 'n konstante waarde gestabiliseer het. Die daling kan aan 'n laer wateropnametempo deur die wortels en dus stremming toegeskryf word. Geen logiese verklaring vir hierdie verskynsel kon gevind word nie.

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking is daar besluit dat die begin van plantwaterstremming die beste beskryf word deur eerstens die punt waar die verskil tussen ET_{strem} en ET_{nat} duidelik waarneembaar is en tweedens waar die blaarxileempotensiaal van die stremperseel merkbaar laer as dié van die natperseel begin daal het. Hierdie punte is vir elk van die lokaliteite bepaal en word in Bylae 2.1.2 tot 2.53.2 aangetoon deur die betrokke dag te omsirkel. Om 'n verteenwoordigende enkel F_{sx} waarde te verkry, is die rekenkundige gemiddelde waarde van die betrokke en daaropvolgende metingsintervalle bereken en die resultate is in Tabel 4.1 opgesom. 'n Aantal van die stremmings persele

TABEL 4.1: Grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt (F_{sr}) vir koring, mielies, grondbone, katoen en erte by verskillende lokaliteite en gronde.

Koring		Mielies		Grondbone		Katoen		Erte	
Lokaliteit	$F_{sr} \times 10^{-5}$	Lokaliteit	$F_{sr} \times 10^{-5}$	Lokaliteit	$F_{sr} \times 10^{-5}$	Lokaliteit	$F_{sr} \times 10^{-5}$	Lokaliteit	$F_{sr} \times 10^{-5}$
	$mm^2 \cdot dag^{-1} \cdot kPa^{-1}$		$mm^2 \cdot dag^{-1} \cdot kPa^{-1}$		$mm^2 \cdot dag^{-1} \cdot kPa^{-1}$		$mm^2 \cdot dag^{-1} \cdot kPa^{-1}$		$mm^2 \cdot dag^{-1} \cdot kPa^{-1}$
W1	2,34	M17	2,53	G34	1,10	C42	0,74	P51	2,91
W2	2,31	M18	1,29	G35	3,18	C43	1,46	P52	0,59
W3	1,87	M19	1,29	G36	4,36	C44	4,12	P53	1,15
W4	1,12	M20	0,84	G37	4,57	C45	3,52		
W5	1,24	M21	4,01	G38	3,14	C46	4,05		
W6	1,50	M22	1,03	G39	3,41	C47	2,77		
W7	2,16	M23	2,20	G40	6,43	C48	4,37		
W8	1,83	M24	1,58	G41	4,35	C49	1,31		
W9	2,79	M25	4,17			C50	4,74		
W10	7,26	M26	1,43						
W11	0,67	M27	2,10						
W12	3,23	M28	1,59						
W13	2,40	M29	2,67						
W14	3,24	M30	5,53						
W15	3,53	M31	1,04						
W16	1,88	M32	2,82						
		M33	1,30						
Gem.	2,46	Gem.	2,20	Gem.	4,21	Gem.	3,01	Gem.	1,55

- Reeds gestrem
- Kalkryke grond

was skynbaar reeds gestrem toe daar met die neem van metings begin is. Hierdie waardes is met 'n asterisk in Tabel 4.1 aangedui. Die begin en die einde van die periode waaroor die gemiddelde F_{sr} - waarde vir elk van die voorbeelde in Figure 4.1 tot 4.3 bereken is, word op elke figuur aangedui. Die gemiddelde F_{sr} waardes vir die onderskeie gewasse word in Tabel 4.1 gegee. Uit die resultate blyk dit of die gemiddelde F_{sr} - waarde van grondbone die hoogste is ($4,21 \times 10^{-5}$), gevolg deur katoen ($3,01 \times 10^{-5}$), koring ($2,46 \times 10^{-5}$), mielies ($2,21 \times 10^{-5}$) en erte ($1,55 \times 10^{-5}$). Mielies en koring se F_{sr} waardes is van dieselfde orde.

4.3.2 KRITIESE BLAARXILEEMPOTENSIAAL

Die gemiddelde kritiese blaaxileempotensiaal waarby stremming in 'n gewas begin intree het, word in Tabel 4.2 verstrek. Hierdie waardes verteenwoordig die gemiddelde van al die lokaliteite per gewas. Die waarde vir elke lokaliteit is die gemiddeld van dieselfde periode, naamlik ongeveer 5 dae waaroor F_{sr} bereken is.

TABEL 4.2: Kritiese blaaxileempotensiaal waarby ernstige plantwaterstremming by verskillende gewastipes ingetree het.

Gewastipe	Blaaxileempotensiaal (-kPa)	
	Strempersseel (Kritiese blaaxileempotensiale)	Natverwysingspersseel (Vergelykende waarde)
Koring	2440 ± 227 (18%)*	1979 ± 191 (19%)*
Mielies	1814 ± 190 (21%)	1535 ± 144 (18%)
Grondbone	1494 ± 130 (17%)	974 ± 177 (36%)
Katoen	1830 ± 229 (25%)	1254 ± 240 (38%)
Erte	1850 ± 65 (7%)	1273 ± 78 (12%)

* Koëffisiënt van variasie

In Tabel 4.3 word die gemiddelde kritiese blaaxileempotensiale vergelyk met waardes uit die literatuur. Behalwe vir die waardes van Shimshi (1979) vergelyk die waardes goed met dié wat in die literatuur, gerapporteer is. Die kritiese xileempotensiaal waardes van koring (-2440) is heelwat laer as die van grondbone (-1500), terwyl katoen en mielies van dieselfde orde is (-1800 kPa).

TABEL 4.3: Kritiese blaaxileempotensiaal gedurende piek waterbehoefte waarby plantwaterstremming begin intree het vir verskillende gewasse.

Gewastipe	Kritiese blaaxileempotensiaal	Verwysing
Koring	-1570	Shimshi (1979)
	-2400	Spamer (1980)
	-2400	Frank, Power & Willis (1973)
	-2440	Huidige ondersoek.
Mielies	-1700	De Klerk & Human (1982)
	-1814	Huidige ondersoek.
Grondbone	-1500 tot -1700	Engelbrecht (1985)
	-1400	Huidige ondersoek.
Katoen	-1700 tot -1800	De Bruyn & Human (1983)
	-1830	Huidige ondersoek

4.5 SAMEVATTING

Die afleiding van 'n mikroskopiese wateropnamemodel, wat gebaseer is op die opname van water deur 'n enkelwortel, soos voorgestel deur Botha *et al.* (1983) is behandel. 'n Prosedure en aannames is voorgestel waarvolgens die grondwortelkonduktansiekoëffisiënt bereken kan word.

Drie lokaliteite van Ramah is as voorbeelde gebruik om die verandering in evapotranspirasie en blaarxileempotensiaal van die nat- en strempersseel met tyd, te illustreer, asook die verandering in A-panverdamping en F_{sr} met tyd. Sekere tendense is met behulp van die voorbeelde geïllustreer naamlik dat:

- (i) Die verskil in blaarxileempotensiaal tussen die nat- en stremperssele toeneem soos die stremperssele uitgedroog het.
- (ii) Die blaarxileempotensiaal van die natperssele het toegeneem weens die ouderdom van die plant, of weens die toename in die atmosferiese verdampingsaanvraag.
- (iii) Die verskil tussen die ET_{strem} en ET_{nat} kurwes het groter geword namate die strempersseel uitgedroog het.
- (iv) Die verandering in F_{sr} met tyd het soms 'n piek bereik waarna dit gedaal het. Die piekperiode dui skynbaar die periode van maksimum wateropnametempo deur die wortels aan. Die daaropvolgende daling verteenwoordig onvoldoende watervoorsiening deur die wortels aan die kontinuum, naamlik stremming, aan. Geen logiese verklaring vir hierdie verskynsel kon gevind word nie.

Uit die bespreking kon 'n kriterium afgelei word waarvolgens 'n stremmingsdag vir die verskillende lokaliteite bepaal kon word. Daar is op twee kriteria besluit naamlik eerstens wanneer die evapotranspirasie van die strempersseel drasties laer, as diè van die natpersseel en die klas A-panverdamping daal en tweedens wanneer die blaarxileempotensiaal merkbaar laer as die van die natpersseel daal. Die metingsinterval van ongeveer twee tot drie dae wat aan beide vereistes voldoen en die daaropvolgende een se metings is gebruik om

die gemiddelde grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt en kritiese blaaxileempotensiaal vir elke lokaliteit te bereken. Die gemiddelde waardes vir elke gewastipe is ook bereken.

Die gemiddelde kritiese blaaxileempotensiaal vir die onderskeie gewastipes waarby stremming ingetree het, het goed met die waardes wat in die literatuur gerapporteer is ooreengestem hoewel die definisie van stremming nie noodwendig dieselfde was nie. Die geïntegreerde F_{sr} -waardes en die gemiddelde blaaxileempotensiaal kan gebruik word as 'n insetparameter om die profielwatervoorsieningstempo (Hoofstuk 6), te bereken.

Vir toekomstige gebruik van F_{sr} sal dit gerieflik wees indien F_{sr} vanaf maklik meetbare grondeienskappe voorspel kan word. In die volgende hoofstuk sal diè moontlikheid daarvan ondersoek word.

HOOFSTUK 5

FAKTORE WAT GROND- WORTELKONDUKTANSIEKOËFFISIËNTE BEÏNVLOED

5.1 INLEIDING

Die totale weerstand teen watergeleiding in die grond-plantsisteem kan verdeel word in grond- en plantweerstand. Faktore wat 'n invloed op die hidrouliese eienskappe van die grond of die plant het, of die aard van die grond-wortelkontak beïnvloed, sal ook die weerstand teen watergeleiding in die grond- plant-atmosfeerkontinuum beïnvloed.

In die literatuur is bewys dat onder andere temperatuur (Dalton & Gardner, 1978; Running & Reid, 1980), suurstof en koolstofdiodsiedvlakke (Cram & Pitman, 1972; Newman, 1976) en die voorkoms van organiese sure byvoorbeeld absisiensuur (Glinka, 1977 ; Karmoker & Stevenich, 1978), metaboliese inhibeerders (Lopushinsky, 1964), wortelsiektes (Duniway, 1977) en andere faktore die watergelei eienskappe van plante kan verander. Met die beskikbare data is dit bykans onmoontlik om die grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt te koppel aan bogenoemde faktore.

In die algemeen word aanvaar dat plantweerstand groter is as grondweerstand tot by 'n stadium waar grondwatervoorsiening beperkend raak (Gardner, 1960; Newman, 1969; Reicosky & Ritchie, 1976). Groot meningsverskille bestaan oor die waterinhoud waarby grondwatervoorsiening beperkend raak (Sykes & Loomis, 1967; Lawlor, 1972; Blizzard & Boyer, 1980; Zur, Jones, Boote & Hammond, 1982). Die punt waarby grondwatervoorsiening beperkend raak behoort afhanklik te

wees van die hidrouliese eienskappe van die grond en die plant. Gesien in die lig van hierdie bespreking is daar besluit om die moontlikheid van verwantskappe tussen F_{sr} en sekere grondeienskappe te ondersoek.

5.2 VERWANTSKAP TUSSEN GROND-WORTELKONDUKTANSIEKOËFFISIËNT EN ONVERSADIGDE HIDROULIESE GELEIVERMOË WAARBY STREMMING INGETREE HET

Volgens die bespreking in Afdeling 4.3.1 is die F_{sr} -waarde 'n indeks van die gemak waarmee water in die grond-plant-atmosfeerkontinuum beweeg. Hoë F_{sr} -waardes verteenwoordig goeie watergeleitoestande oor die grond-wortelkontaksonne. Dit is dus sinvol om vas te stel of daar 'n verband tussen F_{sr} -waardes en onversadigde hidrouliese geleivermoë van gronde, bestaan.

Die prosedure wat in Afdeling 2.3.2 bespreek is, is gevolg om die onversadigde hidrouliese geleivermoë (K) vir 'n grond te bereken. Slegs lokaliteite waarop 'n volledige retensiekurve bepaal is, is in die ondersoek gebruik. Die volumetriese waterinhoud waarby stremming ingetree het is gebruik om die ooreenstemmende K vir elke grondlaag vanaf die onderskeie berekende θ - K tabelle, af te lees. Om 'n geweegde gemiddelde K vir 'n profiel te verkry is die onderskeie bewortelingsdigthede gebruik en wel soos volg:

$$\bar{K} = \frac{\sum_{i=1}^n K_i L_{v_i}}{\sum_{i=1}^n L_{v_i}}$$

waar \bar{K} = geweegde gemiddelde onversadigde hidrouliese geleivermoë van 'n grondprofiel
 K_i = onversadigde geleivermoë van 'n grondlaag i waarby stremming ingetree het

L_{v1} = bewortelingsdigtheid van laag i

Die geweegde gemiddelde onversadigde hidrouliese geleivermoë (K) en die ooreenstemmende F_{sr} -waardes, vir die onderskeie lokaliteite word in Bylaag 5.2 verstrek. Die onderskeie lineêre regressieverwantskappe tussen F_{sr} en K is in Tabel 5.1 vir die onderskeie gewasse verstrek. Uit dië resultate is dit duidelik dat daar behalwe vir katoen geen betekenisvolle verband tussen K van die grondprofile en die geïntegreerde F_{sr} -waardes van die koring-, mielies- en grondboonlokaliteite is nie. Dit is moeilik om enige afleidings aangaande die negatiewe verwantskap by katoen te maak, want die lokaliteite was beperk tot drie.

TABEL 5.1: Verwantskap tussen F_{sr} en die geweegde gemiddelde onversadigde hidrouliese geleivermoë.

Gewastipe	Aantal lokaliteite	F_{sr} mm ² dag ⁻¹ kPa ⁻¹	r ²
		x 10 ⁻⁵	
Koring	6	0,45 - 0,05(K)*	0,04
Mielies	7	1,54 - 0,41(K)	0,46
Grondbone	5	0,08 + 0,04(K)	0,10
Katoen	3	3,21 - 0,96(K)	0,92

* K = geweegde gemiddelde onversadigde hidrouliese geleivermoë

Geen betekenisvolle verwantskap tussen grondwortelkonduktansiekoëffisiënt en onversadigde hidrouliese geleivermoë binne grondlae vir die betrokke gewasse kon gevind word nie (Tabel 5.2).

TABEL 5.2: Verwantskap tussen F_{sr} en onversadigde hidrouliese geleivermoë van die individuele grondlae vir die verskillende gewasse.

Gewastipe	Aantal lokaliteite	F_{sr}		r^2
		mm ²	dag ⁻¹ kPa ⁻¹	

x 10 ⁻⁵				
Koring	35	2,37	- 1,25(K)*	0,01
Mielies	43	2,39	- 0,16(K)	0,04
Grondbone	26	4,68	- 6,64(K)	0,05
Katoen	15	2,81	- 1,60(K)	0,31

* K = onversadigde hidrouliese geleivermoë van individuele grondlae

5.3 VERWANTSKAP TUSSEN DEELTJIEGROOTTEFRAKSIES EN GRONDWORTELKONDUKTANSIEKOËFFISIËNTE

Lineêre regressie is gebruik om moontlike verwantskappe tussen F_{sr} en 'n verskeidenheid deeltjiegroottefraksies te identifiseer. Die gemiddelde grofslik- plus kleipersentasie (deeltjies kleiner as 0,05 mm) van die profiel het die beste gekorreleer met F_{sr} waardes. Die y-afsnitte vir al die gewasse was baie naby aan die nul en daarom is dit deur die oorsprong geforseer deur by elk 'n nul datapunt by te voeg. Die vergelyking waarmee die onderskeie F_{sr} waardes voorspel kan word en die korrelasiekoëffisiënte word in Tabel 5.3 gegee. Dit beteken dus dat 'n konstante F_{sr} waarde vir 'n grondgewastipe kombinasie verkry kon word deur die regressiekoëffisiënt in Tabel 5.3 met die gemiddelde grofslik- plus kleipersentasie van al die horisonte van 'n profiel te vermenigvuldig of om 'n afsonderlike F_{sr} waarde vir 'n horison te bereken. Die gebruik van die regressievergelyking is beperk tot die maksimum grofslik-

plus kleipersentasie waarmee dit gekorreleer is dit wil sê tot by 50% vir koring, mielies 35%, grondbone en katoen 25% en erte 20%.

TABEL 5.3: Aanbevole grond-wortelkonduktansiekoëffisiënte vir verskillende gewasse.

Gewastipe	Aantal waarnemings	F_{sr} mm ² dag ⁻¹ kPa ⁻¹	r^2
		x 10 ⁻⁵	
Koring	15	0,11 (S + K%)*	0,68
Mielies	16	0,11 (S + K%)	0,54
Grondbone	7	0,23 (S + K%)	0,89
Katoen	8	0,13 (S + K%)	0,59
Erte	2	0,13 (S + K%)	0,99

* (S + K%) = % Grondpartikels kleiner as 0,05 mm.

Dit wil voorkom of klimaatsverskille tussen die onderskeie gebiede nie 'n noemenswaardige invloed op F_{sr} het nie. Die F_{sr} waardes vir koring, mielies en erte is van dieselfde orde grootte, maar die van katoen en grondbone is hoër.

5.4 SAMEVATTING

Ter ondersteuning van die profielwatervoorsieningstempo-model is 'n ondersoek geloods waarin die moontlikheid ondersoek is om vas te stel of F_{sr} enigsins vanaf maklik meetbare grondeienskappe afgelei kan word.

Aangesien F_{sr} -waardes skynbaar deur die geleitoestande in die grond-plant-atmosfeerkontinuum beïnvloed word, is 'n moontlike verband tussen die gemiddelde onversadigde hidrouliese geleiding (K) en F_{sr} waarby stremming ingetree het vir elke grond-gewaskombinasie ondersoek. Behalwe vir

katoen kon daar nie by koring, mielies, of grondbone enige betekenisvolle verwantskappe tussen die onversadigde hidrouliese geleivermoë en F_{sr} -waardes vir grondlae binne 'n gewas verkry word nie. Met die beperkte data is dit moeilik om enige afleiding aangaande hidrouliese geleitoestande in die grondwortelkonduktansiekoëffisiënt te maak.

Die hidrouliese eienskappe van gronde is onder andere afhanklik van die poriegrootteverspreiding en gevolglik behoort die deeltjiegroottefraksies 'n invloed daarop te hê. 'n Betekenisvolle verwantskap, vir al die gewasse, tussen F_{sr} en die gemiddelde grofslik- plus kleinhoud van 'n grondprofiel, is vasgestel. Hierdie verwantskap kan 'n positiewe bydrae lewer om 'n grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt te bereken wat in die PWVT-model gebruik kan word.

HOOFSTUK 6

MODEL WAARMEE DIE PROFIELBESKIKBARE WATERKAPASITEIT VAN 'N
GROND- GEWASKOMBINASIE VOORSPEL KAN WORD

6.1 INLEIDING

Verskeie tegnieke is die afgelope jare gevestig om die begin en verloop van plantwaterstremming te monitor, soos die bepaling van netto fotosintesespoed (Human & De Klerk, 1981), akkumulاسie van sekere metaboliese produkte in die blare, byvoorbeeld absisiensuur (Mittelhuiser & Van Steveninck, 1969) en blaarverlenging (Oosterhuis & Walker, 1987; Inman-Bamber & De Jager, 1984). Soos die tegnologie verbeter het, het die betroubaarheid van blaardiffusieweerstand as 'n indikator vir plantwaterstremming verhoog (Adjec & Kirkham, 1980; Fiscus, Wullschlegel & Duke, 1984; Jung & Scott, 1980; Oosterhuis & Walker, 1987). Blaarxileempotensiaal (Boyer, 1967; Hsiao, 1973; Oosterhuis & Walker, 1982) en die verskil tussen blaar- en lugtemperatuur (Mottram, De Jager & Duckworth, 1983; Idso, Reginato & Radlin, 1982; Berliner, Oosterhuis & Green, 1984) is van die algemeenste en betroubaarste maatstawwe om plantwaterstremming mee te identifiseer.

Die groei en produksie van gewasse is onder andere afhanklik van faktore soos grondwatervoorsiening, die heersende atmosferiese aanvraag en interne plantwaterstremming (De Bruyn & Human, 1983). Hierdie faktore is interafhanklik van mekaar en is dit beter om die begin en verloop van plantwaterstremming in terme van grondwaterstatus en atmosferiese aanvraag, te beskryf (Makkink & Van Heemst, 1956; Denmead & Shaw, 1962; Mallett & De Jager, 1971;

Rutherford & De Jager, 1975 ; Burgers, 1975). Modelle of metodes wat van so 'n benadering gebruik maak, behoort 'n positiewe bydra te lewer ten opsigte van beproeiingsbeplanning, gewasmodelering en die optimisering van gewaswaterverbruiksdoeltreffendheid.

So het byvoorbeeld Botha et al. (1983), die potensiële maksimum transpirasievoorsieningstempo deur 'n homogene bewortelde grondlaag (i) gedefinieer as die laagwatervoorsieningstempo (LWVT) wat met vergelyking 6.1 bereken kan word.

$$LWVT_i = F_{sr_i} \ln(\theta_i/\theta_{o_i}) (\pi L_{v_i})^{1/2} (\psi_{g_i} - \psi_p) \cdot Z_i \quad 6.1$$

waar $LWVT_i$ = watervoorsieningstempo deur laag i (mm dag^{-1})
 F_{sr_i} = grond-wortelkonduktansiekoëffisiënt vir laag i
 ($\text{mm}^2 \text{dag}^{-1} \text{kPa}^{-1}$)
 θ_i = volumetriese waterinhoud van grondlaag i (v v^{-1})
 θ_{o_i} = volumetriese grondwaterinhoud vir laag i waar
 $\psi_g = \psi_p$
 L_{v_i} = bewortelingsdigtheid (mm wortels mm^{-3} grond)
 van laag i
 ψ_{g_i} = matrikspotensiaal van laag i (-kPa)
 ψ_p = blaaxileempotensiaal (-kPa)
 Z_i = dikte van grondlaag (mm)

Die sommering van $LWVT_i$ oor die totale bewortelingsdiepte opgedeel in (n) aantal lae gee 'n geïntegreerde potensiële profielwatervoorsieningstempo (PWVT) vir 'n spesifieke dag (x).

$$PWVT_x = \sum_{i=1}^n LWVT_x \quad 6.2$$

Botha et al. (1983) het 'n stremmingsindeks (SI) vir grond- of voorsieningsgeïnduseerde plantwaterstremming gedefinieer as die verhouding tussen die ET en PWVT. 'n Waarde wat streef na een sal die begin van ernstige plantwaterstremming aandui.

$$SI_{x(\text{ernstig})} = ET_x/PWVT_x = 1 \quad 6.3$$

Botha et al. (1983) en Bennie & Botha (1985) het gevind dat die uitdroging van 'n bewortelde laag direk eweredig aan die LWVT en PWVT is. Die verhouding tussen die LWVT en PWVT kan die onttrekkingsverhouding genoem word. Die verandering in die waterinhoud ($\Delta\theta_1$) van 'n grondlaag (i) op 'n spesifieke dag (x) kan met vergelyking 6.4 bereken word.

$$\Delta\theta_1 = (ET_x \cdot LWVT_1)/(PWVT_x \cdot Z_1) \quad 6.4$$

In die voorafgaande hoofstukke is daar gepoog om al die belangrike insette wat in vergelyking 6.1 vervat is te beskryf en submodelle te ontwikkel sodat PWVT vinnig en doeltreffend bereken kan word. Die toepassing en gebruik van die PWVT-model lê in die gedefinieerde stremmingsindeks (SI) en die onttrekkingsverhouding ($\Delta\theta_1$). In hierdie hoofstuk gaan eerstens die moontlikheid om die stremmingsindeks aan te pas vir veldtoestande, ondersoek word. Tweedens gaan die model fisies getoets word.

6.2 GEWYSIGDE STREMMINGSINDEKS

Die verhouding tussen werklike evapotranspirasie (ET) van 'n nie-gestremde gewas en potensiële evaporasie soos beraam vanaf die klas A-panverdamping kan gebruik word om die potensiële evapotranspirasie (PET) van die gewas te bereken. Die geakkumuleerde ET en E_p waardes oor die metingstydperk, wat ooreenstem met die piek gewaswaterverbruikperiode, is gebruik om ET: E_p verhouding (Vergelyking 6.5), te bereken.

$$C_f = \frac{ET}{E_p} \quad 6.5$$

waar C_f = gewasfaktor

ET = werklike evapotranspirasie van die nie-gestremde gewas (mm dag⁻¹)

E_p = evaporasie uit 'n klas A-pan (mm dag⁻¹)

Die gemiddelde gewasfaktore vir die betrokke gewasse vir die onderskeie gebiede word in Tabel 6.1 verstrekk. Om die gewasfaktore of ET: E_p verhoudings in perspektief te stel, word die gemiddelde E_p waardes in Tabel 6.2 verstrekk.

TABEL 6.1: Die gewasfaktor of die verhouding tussen werklike evapotranspirasie (ET) van nie-gestremde plante en potensiële evaporasie (E_p) oor die piekwaterverbruikperiode vir die verskillende gewasse in die onderskeie besproeiingskemas.

Gewastipes	ET _{nat} : E_p verhouding		
	Sandvet	Vaalharts	Ramah
Koring	0,60	0,81	0,86
Mielies	0,84	1,04	0,81* en 0,82**
Grondbone	0,74	0,90	1,10
Katoen	1,03	0,87	0,86
Erte	-	0,69	-

* Langseisoenkultivar

** Kortseisoenkultivar

Die mielie-gewasfaktore van Sandvet en Ramah is van dieselfde orde grootte, terwyl die verhouding tussen ET en E_p een is vir Vaalharts. Teen die verwagting in is die E_p tydens die groeiperiode van die somergewasse op Vaalharts laer as tydens dië van koring. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die hoë reënvalfrekwensie gedurende die

betrokke metingsperiode. Die daaglikse waterverbruik van Sandvet-koring is laer as die van Ramah en Vaalharts, want die Ep en die gewasfaktor is albei laer as dié van die res.

TABEL 6.2: Die gemiddelde klas A-panverdamping gedurende die periode van piekwaterverbruik vir die onderskeie gewasse te Sandvet, Vaalharts en Ramah.

Gewastipe	Gemiddelde Ep (mm dag ⁻¹)		
	Sandvet	Vaalharts	Ramah
Koring	6,3	7,5	8,8
Mielies	7,9	5,4	12,7* en 8,5**
Grondbone	8,1	5,2	8,1
Katoen	7,5	5,7	9,0
Erte	-	7,3	-

* Langseisoenkultivar

** Kortseisoenkultivar

Beide die gewasfaktor van die Ramah-grondbone en die ooreenstemmende Ep is hoog. Hieruit kan afgelei word dat die daaglikse waterverbruik van die gewas relatief hoog is in vergelyking met die van Vaalharts en Sandvet. Die gewasfaktor van die Sandvet-katoen is hoër as dié van Ramah en Vaalharts wat weer van dieselfde orde grootte is.

Om die begin van matige plantwaterstremming te voorspel is dit verkieslik om die verhouding tussen PET en PWVT te gebruik.

$$SI_{(matig)} = PET/PWVT \quad 6.6$$

waar $PET = C_f Ep$ 6.7

Die stremmingsindeks vir die identifisering van matige stremming kan aangepas word om ernstige plantwaterstremming te monitor deur gebruik te maak van die $ET_{strem} : ET_{nat}$

verhouding (Vergelyking 6.8). Die gemiddeld van al die relevante persele se kritiese $ET_{strem} : ET_{nat}$ verhouding waarby stremming by die verskillende gewastipes ingetree het, word in Tabel 6.3 verstrekk. Hierdie waardes is verkry deur die gemiddelde waardes van die $ET_{strem} : ET_{nat}$ verhoudings van die periode waarin ernstige stremming ingetree het en waaroor die F_{sr} waardes en kritiese blaaxileeempotensiaal bereken is, te neem.

$$a = ET_{strem}/ET_{nat} \quad 6.8$$

Ernstige grondgeïnduseerde plantwaterstremming sal dus intree wanneer die profielwatervoorsieningstempo laer as die kritiese verhouding (a) van die verwagte of potensiële evapotranspirasie daal. Byvoorbeeld indien die verwagte evapotranspirasie en kritiese verhouding vir koring 5,6 mm dag⁻¹ en 0,58 is, sal ernstige stremming intree by 'n PWVT van 3,2 mm dag⁻¹ dit wil sê 0,58 x 5,6. Indien die daaglikse evapotranspirasie (ET) waarby ernstige plantwaterstremming intree gelyk aan die potensiële daaglikse evapotranspirasie (PET) vermenigvuldig met die $ET_{strem} : ET_{nat}$ faktor (a) in Tabel 6.3 gestel word, verander die definisie van die stremmingsindeks na:

$$SI_{(ernstig)} = a \cdot PET/PWVT \quad 6.9$$

Die groot variasie koëffisiënt vir die verhouding $ET_{strem} : ET_{nat}$ oor lokaliteite vir die onderskeie gewasse, kan deels gekoppel word aan die growwe prosedure ET-meting in die natpersele. Dit was nie altyd moontlik om die waterstatus van die natpersele optimaal te hou nie, omdat die persele deel uitgemaak het van 'n besproeide land. In sommige gevalle waar die ET van die natperseel sodanig verlaag het, dat stremming kon intree, is water addisioneel toegedien deur byvoorbeeld die spilpunt heen en weer oor die proefperseel te laat beweeg. Geen betekenisvolle verband

tussen die verskillende $ET_{strem}:ET_{nat}$ verhoudings vir 'n gewas en deeltjiegroottefraksies kon vasgestel word nie.

TABEL 6.3: Gemiddelde kritiese evapotranspirasieverhouding waarby ernstige plantwaterstremming by verskillende gewastipes ingetree het.

Gewastipe	$ET_{strem} : ET_{nat}$ verhouding	Koëffisiënt van variasie (%)
Koring	0,58 ± 0,17	(57)
Mielies	0,34 ± 0,07	(39)
Grondbone	0,40 ± 0,09	(43)
Katoen	0,61 ± 0,11	(34)

6.3 BERAMING VAN DIE PROFIELBESKIKBARE WATERKAPASITEIT

Die insette wat benodig word is die grofslik- plus kleipersentasie, bewortelingsdigtheid vir elke grondlaag en die kritiese blaarxileempotensiaal, grondwortelkonduktansie-koëffisiënt en daaglikse potensiële evapotranspirasie (PET).

6.3.1 PROSEDURE WAARVOLGENS DIE PROFIELBESKIKBARE WATERKAPASITEIT BEREKEN KAN WORD

Die prosedure waarvolgens die PBWK stapgewys vir 'n grond-gewas-kombinasie bereken kan word, is soos volg opgesom:

- I) Bereken die C-koëffisiënt vir die waterretensievergelyking vir elke laag met vergelyking 3.22 .

II) Die aanvangs- of beginwaterinhoud vir elke grondlaag word met vergelyking 3.4 bereken.

III) Stel die blaarxileempotensiaal gelyk aan die laagste waarde vir 'n matig gestremde plant. Die kritiese blaarxileempotensiaal wat gebruik is, word in Tabel 4.2 verstrekk.

IV) Die grondwaterpotensiaal vir elke grondlaag word met vergelyking 3.20 bereken.

V) Bereken die grond-wortelkonduktansiekoëf-fisiënt vir elke grondlaag vanaf die slik- plus kleipersentasie met die relevante vergelykings in Tabel 5.2.

VI) Die gemete bewortelingsdigtheid vir elke laag wat in Bylaag 2.1.1 tot 2.53.1 vervat is, is gebruik om die PBWK van die onderskeie lokaliteite te bereken. Indien die bewortelingsdigtheid onbekend is, kan die voorgestelde modelle soos bespreek deur Van Antwerpen (1988) en Bennie et al. (1988), gebruik word om dit te bereken.

VII) Stel die evapotranspirasie gelyk aan die potensiële evapotranspirasie, indien die ET onbekend is. Vir die doeleindes van die studie is ET waarby stremming begin intree bereken deur die $ET_{strem} : ET_{nat}$ verhouding (Tabel 6.3) te vermenigvuldig met die produk van die gewasfaktor (Tabel 6.1) en die gemiddelde E_p -waardes (Tabel 6.2) vir die onderskeie gewasse.

VIII) Die LWVT word vir elke laag met vergelyking 6.1 bereken en gesommeer om die PWVT (Vergelyking 6.2) vir elke dag te gee.

IX) Die stremmingsindeks kan met vergelykings 6.3, 6.6 en 6.9 bereken word. In hierdie studie is die laasgenoemde vergelyking gebruik.

X) Indien die stremmingsindeks kleiner as een is word die waterinhoud van elke laag volgens vergelyking 6.4 verlaag.

XI) Stappe (V) tot (X) word herhaal totdat $SI_{ernstig}$ gelyk aan een is.

XII) Die afname in die profielwaterinhoud vanaf die aanvangswaterinhoud tot by die waterinhoud waarby die stremmingsindeks gelyk aan een was, is gelyk aan die PBWK (Vergelyking 6.10)

$$PBWK = \sum_{i=1}^n (\theta_b - \theta_1) Z_i \quad 6.10$$


waar θ_b = volumetriese waterinhoud vir laag i by die boonste grens van POW.
 θ_1 = volumetriese waterinhoud vir laag i waarby 'n ernstige stremmingsindeks gelyk aan een bereik is.
 Z_i = dikte van laag i (mm)

6.3.2 VERGELYKING VAN DIE VOORSPELDE PROFIELBESKIKBARE WATERKAPASITEIT MET DIE GEMETE WAARDES


Die prosedure soos uiteengesit in Afdeling 6.3.1 is gevolg om die PBWK vir die verskillende stremmingslokaliteite in Bylaag 2.1.2 tot 2.53.2 te voorspel. Die resultaat is opgesom in Bylaag 6.3.2 vir die onderskeie gewasse. Die verspreiding van die waardes rondom die 1:1 lyn word in Figuur 6.1 vir koring en mielies en Figuur 6.2 vir grondbone en katoen, aangedui. /

KORING: Behalwe vir die gemerkte punte is die verspreiding van die datapunte baie naby of binne die $\pm 10\%$ variasie indeks wat op die Figuur 6.1 aangedui is. Die twee Ramahpersele, W10 en W12, is van die gemerkte lokaliteite. Die ondervoorspelling van die twee lokaliteite kan toegeskryf word aan die teenwoordigheid van kalkkreet in die onderliggende lae (90 cm). Vergelyking 3.4 het die boonste grens van POW vir hierdie kalkkreet lae onderskat, wat gelei het tot 'n laer PBWK-waarde. Aan die ander kant het die simulasiemodel die PBWK van lokaliteit W3, W4 en W7 oorvoorspel. Lokaliteit W7 is een van die Sandvet-lokaliteite waarvan die slik- plus kleinhoud, die hoogste is. Dit kan moontlik die rede wees vir dié oorvoorspelling. Die ander twee lokaliteite W3 en W4 is albei Vaalhartpersele, met 'n gronddiepte van ongeveer 150cm. Die voorspelde F_{sr} -waardes van hierdie lokaliteite is hoër as die gemete F_{sr} -waardes. Indien so 'n situasie voorkom kan dit lei tot 'n groter PWVT, wat weer die onderste grens van POW kunsmatig laer dwing voordat die grondwatervoorsiening gelyk aan die ET-strem limiet is.

MIELIES: Behalwe vir lokaliteit M19, M22, M23 en M29 is die verspreiding van die punte rondom die 10% variasielyn redelik, alhoewel dit nie volkome aan die verwagting voldoen het nie. Van die lokaliteite wat afgewyk het, is slegs M22 onderhewig aan 'n grondfisiese beperking, naamlik die voorkoms van kalkkreet in die ondergrond. Dit is egter teenstrydig met W10 en W12 waarvan die PBWK ondervoorspel is. 'n Moontlike verklaring vir die oorvoorspelling vir die drie lokaliteite lê waarskynlik in die berekende ET_{strem} -waarde wat in die stremmingsindeks gebruik word. Indien die ET-waarde waarby stremming intree laer is as wat dit behoort te wees, sal meer water uit die profiel onttrek word en gevolglik 'n groter PBWK. Die ET_{strem} kan ondervoorspel word indien 'n te klein gemiddelde $ET_{strem} : ET_{nat}$ verhouding of



FIGUUR 6.1: Vergelyking van die profielbeskikbare waterkapasiteit, soos bereken deur die voorgestelde simulasiemodel (+) en die Boedt & Laker-regressiemodel (x), teenoor die gemete profielbeskikbare waterkapasiteit van koring en mielies



FIGUUR 6.2: Vergelyking van die profielbeskikbare waterkapasiteit, soos bereken deur die voorgestelde simulasiemodel (+), teenoor die gemete profielbeskikbare waterkapasiteit van grondbone en katoen

'n te klein gemiddelde Ep-waarde, gebruik word. In die geval van lokaliteit M23 is die voorspelde F_{sr} laer as die gemete waarde. Dit het die PWVT verlaag en gevolglik het stremming vroeër ingetree as wat dit moes en daarom dan die onderskatting van die PBWK.

GRONDBONE: Alhoewel slegs lokaliteit G38 binne die 10% variasielyn lê, is die verspreiding van die ander lokaliteite baie naby aan die variasielyn.

